




AFRIKAANS
fak

Januarie 2024

DS. JOHN DANIËL

KESTELL

kreatief
saamgestel
deur die



BLINK UIT!

ADVERTEER IN FLINK

Pryse vir volbladadvertensie

- 1 maand @ R1750 per advertensie
- 2 maande @ R1500 per advertensie
- 3 maande @ R1250 per advertensie
- 6 maande @ R1000 per advertensie



Charlotte Drotsky
charlotte@kultuurtuiste.org.za

- 3 Vader Kestell
- 6 95 Jaar van die FAK in 2024
- 9 Kan ek self
- 11 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- 13 Vertalers van die eerste Afrikaanse Bybel
- 16 Maak kultuur jou leefstyl
- 17 Die proses om die Bybel te vertaal
- 19 Die rol van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskappe
- 20 Ons is hier!
- 21 Hulde aan die Bybelgenootskap
- 23 Vegkop van 1836 tot vandag
- 25 Nuwe musiek
- 27 90 jaar van die Afrikaanse Bybel in 2023 gevier
- 29 Laurika Postma
- 32 Tydlyn van die Afrikaanse Bybel
- 33 *Onbeskryflike Genade* - 'n Resensie
- 34 Pappa se gedigte - Kortverhaal: Stefaans Coetzee
- 37 Ontmoet die Kultuurkoördineerders


KLIK HIER OM DIE STORIES TE LEES

flink 'n e-pos
 chrisna@kultuurtuiste.org.za

op ons voorblad



JD Kestell
 Die Afrikaanse Bybel

Redakteursbrief

Dit is 'n nuwe jaar en ons spring sommer vroeg weg met ons aanlyn tydskrif, *flink*. Die tydskrif gaan vanjaar weer tweemaandeliks verskyn met propvol lekker stories en geskiedenisbrokkies.

Ter opbou van Afrikaans 100 in 2025 gaan ons vanjaar bietjie kyk na die Eerste Taalbeweging. In hierdie tydperk was daar al sprake van 'n Bybelvertaling maar die eerste Afrikaanse Bybels sou eers in 1933 verskyn.

Ons vier die Afrikaanse Bybel deur te kyk na wat in 90 jaar gebeur het vandat die Bybel die eerste keer verskyn het; ons kyk na die rol van die Bybelgenootskap; ons verluister ons aan die verskillende Bybelvertalings van Psalm 23.



Ons gaan loer in by die skrywer van *Onbeskryflike genade* en ons bederf julle met 'n kortverhaal wat Stefaans Coetzee spesiaal vir die *flink*-lesers geskryf het.

Opwindende projekte lê voor vir die FAK se kultuurnetwerke. Lees gerus op bl.37 wat is die kultuurnetwerke en hoe jy kan betrokke raak.

Chrisna Nel




tuiste. trots. toekoms.



Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za



Vader
Kestell

Dr. JD Kestell, ook bekend as Vader Kestell, was 'n predikant in die Nederduits Gereformeerde Kerk, skrywer, kultuurleier en Bybelvertaler.

John Daniel Kestell was die vyfde van ses kinders en is op 15 Februarie 1854 in Pietermaritzburg gebore. Sy pa, Charles Kestell, was van Walliese herkoms terwyl sy ma, Dorothea Louisa Weyer, Afrikaanssprekend was. Charles het in 1845 met die skip *Rosebud* na Suid-Afrika gekom en hom in Pietermaritzburg gevestig. Hy het hom by die NG kerk aangesluit en as ouderling en diaken gedien. Toe John vier jaar oud was, is sy ma oorlede en sy pa is weer getroud. As kind het hy talle van die Voortrekkers ontmoet, onder wie Sarel Cilliers, JN Boshoff en Erasmus Smit. In 1869 het hy sy eerste lesse in Grieks ontvang. Die volgende jaar het hy die skool verlaat en op 6 Oktober 1870 het hy by P Maré begin werk. In hierdie tyd is diamante in Griekwaland-Wes ontdek en op 17 Mei 1871 het hy saam met sy pa na die diamantkleins by New Rush vertrek, waar hulle genoeg verdien het om aan die lewe te bly en 'n bietjie te spaar. Hulle het die kleim 'n jaar en 'n half later verkoop en in Januarie 1873 na Pietermaritzburg teruggekeer.

Hy het vanaf Maart 1873 aan die Stellenbosch Gimnasium studeer en in 1875 matriek voltooi.

Hy het in 1874 tot bekering gekom en op 6 Februarie daardie jaar aangeteken dat hy 'n predikant wou word.

Na skool het hy hom by die Kweekskool in Stellenbosch, waar proff. NJ Hofmeyr en John Murray hoogleraars was, ingeskryf. Intussen het sy pa groot finansiële terugslae gely met transportry na plekke soos Durban, Pretoria, Middelburg (Mpumalanga) en Bloemfontein. In 1876 het sy pa osse op skuld gekoop om 'n vrag na Middelburg te vervoer, maar onderweg het die weerlig die meeste van daardie osse doodgeslaan. Hierna is hy verplig om John te laat weet dat dit nie meer vir hom moontlik was om hom geldelik te ondersteun nie. Ds. Abraham van Velden, die predikant in Pietermaritzburg, het daarna £40 by sy lidmate ingesamel om hom te help. Tydens sy studies op Stellenbosch kon John nooit bekostig om huis toe te gaan nie en daarom het hy sy vakansietye saam met vriende deurgebring. In September 1878 kon hy vir die eerste keer in meer as vyf jaar huis toe gaan nadat sy pa genoeg geld gespaar het. Hy kon 'n maand tuis deurbbring voordat hy teruggegaan het na Stellenbosch.

Op 15 Desember 1877 het hy verloof geraak aan Truida Hofmeyr, die dogter van prof. NJ Hofmeyr. Deur sy huwelik het hy die swaer geword van drie NG-predikante, naamlik di. Nicolaas Hofmeyr, Jan Hofmeyr en Adriaan Hofmeyr. In September 1880 het hy na Europa vertrek om sy teologiese studies voort te sit. Hy het in die Nederlandse stad Utrecht onder prof. Nicolaas Beets gestudeer. Hy het privaat lesse in Frans geneem; hy het die taal vlot leer praat en sy kennis van Grieks en Hebreeus het gemaak dat hy altesaam vyf tale magtig was. In Augustus 1881 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en sy studies aan die kweekskool voortgesit. Hy is in Oktober daardie jaar as predikant van die NG Kerk bevestig.

Nadat hy 'n beroep na Lindley in die Vrystaat bedank het, is hy in 1881 as hulppredikant van die NG-gemeente Dutoitspan aan die diamantvelde van Kimberley bevestig. Hy is in 1882 met Truida Hofmeyr getroud en 'n maand later, op 25 Maart, as predikant van die NG-gemeente op Kimberley bevestig. Die lot van die kinders en vroue van die delwerpe het hom en sy vrou só aangegryp dat hulle die Newton-tehuis gestig het om hulp te verleen. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy as kapelaan en veldprediker van die Harrismith-kommando gedien. Omdat die Engelse hom en sy gesin verbied het om die pastorie op Harrismith te woon, het sy vrou en kinders tydens die oorlog by familie in Pietermaritzburg gewoon terwyl sy vyftienjarige seun, Charles, hom na die slagveld vergesel het. In Junie 1901 het die Engelse hom saam met ander Boere gevange geneem en hulle in 'n kraal by Graspan naby Reitz aangehou. Dieselfde middag het 'n aantal boere hulle na 'n hewige geveg bevry. Sy seun Charles is in Oktober 1901 gevange geneem en as krygsgevangene op Ladysmith oorlede. As sekretaris van die Boeremagte het ds. Kestell 'n belangrike rol tydens die vredesonderhandelinge gespeel en die amptelike notule geskryf vir die onderhandelings wat op die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 uitgeloop het.

In Februarie 1903 is Kestell na die NG-gemeente Ficksburg beroep. Reeds 'n paar maande na sy bevestiging het ds. Kestell hom beywer vir die bou van 'n nuwe kerkgebou en op die gemeentevergadering van 25 Julie 1903 is daar besluit dat 'n monument ter nagedagtenis aan die gesneuweldes van die Anglo-Boereoorlog die vorm van 'n kerk sou wees. Die kerk, waarvan ds. Kestell mede-argitek was, is op 12 April 1907 ingewy en ds. Kestell se skoonpa, ds. NJ Hofmeyr het die wydingsdiens op daardie dag waargeneem.



NG Kerk Ficksburg, waarvan ds. Kestell 'n mede-argitek was.

In Junie 1912 het ds. Kestell en sy gesin Ficksburg verlaat toe hy na die Tweekoringkerk in Bloemfontein beroep is. Hy is in 1909 vir die eerste keer tot Vrystaatse moderator van die NG Kerk verkies, en daarna weer in 1912 en 1916.

Op 16 Desember 1913 was hy een van die sprekers tydens die amptelike inwyding van die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein.

In 1911 is hy verkies tot voorsitter van die Raad der Kerke, 'n voorloper van die algemene sinode. Met die Rebelle van 1914 was daar 'n groot meningsverskil in feitlik elke gemeente en die kerk het gedreig om te skeur. Ds. Kestell het egter daarin geslaag om met groot wysheid op 'n konferensie van predikante op 27 Januarie 1915 en weer op die sinode van April 1915 die situasie te ontloot. In Maart 1915 was hy die medestigter van die Helpmekaar-beweging wat geld ingesamel het vir die borgtog van die leiers van die gewapende opstand teen die Unieregering se inval in Duitswes-Afrika. Op 3 Desember 1916 het hy die begrafnisdiens van pres. Steyn by die Vrouemonument gelei. Hy het gehelp met die insameling van geld vir die weeskinders van die Vrystaat na die groot griep epidemie van 1918, wat gelei het tot die stigting van Ons Kinderhuis in Bloemfontein.



Die Tweekoringkerk in Bloemfontein waar ds. Kestell van 1912-1919 predikant was.

In 1907 is ds. Kestell aangestel as redakteur van *De Fakkel*, 'n orgaan van die NG Kerk wat later met *Die Kerkbode* saamgesmelt het. Op 13 Januarie 1919 het hy afskeid van sy gemeente geneem en na Kaapstad vertrek om sy nuwe amp te beklee. In Oktober 1920 het hy na Bloemfontein teruggekeer toe hy as rektor van die Grey-Universiteitskollege aangestel is. Hy het hier ook as professor en hoogleraar in vaderlandse geskiedenis opgetree. Onder sy leiding het die universiteit 'n groot bemakingsveldtog, waaraan hy self deelgeneem het, van stapel gestuur en waardeur die universiteitskollege gesonde groei getoon het. In Augustus 1925 wou hy die rektorskap bedank, maar die raad wou dit nie aanvaar nie en hy het eers in 1927 uit hierdie amp getree.



Die eerste Afrikaanse Bybels (1933-vertaling) kom uit Londen in Kaapstad aan. Dié vertaling van die Bybel is deur JD du Toit, EE van Rooyen, JD Kestell, HCM Fourie en BB Keet in opdrag van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gedoen.

Hy het hom vroeg reeds aan die kant van Afrikaans in die stryd teen Nederlands geskaar en in Junie 1909 was hy een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Die Stellenbosch tak van die Afrikaanse Taalvereniging het hom genooi om op 22 Oktober 1909 'n lesing te hou waarin hy gepraat het oor "Die uitdrukkingsvermoë van die Afrikaanse taal." Toe hy in 1920 die rektorskap van die Grey-Universiteitskollege oorgeneem het, het hy 'n lesing oor Afrikaans as medium op universiteitskolleges gehou om die studente aan te moedig om die amptelike erkenning van Afrikaans as onderrigtaal prakties toe te pas.

In 1916 het die Vrystaatse sinode van die NG kerk besluit om Afrikaans amptelik te erken en die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Die Bybelvertalingskommissie is in samewerking met die Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk saamgestel. Ds. Kestell was die voorsitter van hierdie kommissie wat die vertalers moes aanstel. Hul taak was om die Nederlandse Statenbijbel in Afrikaans te vertaal, maar hierdie poging het misluk en daar was te veel besware teen die vertaalproewe. Hierna het die Sinode van die NG Kerk ds. Kestell in 1923 aangewys as voorsitter van die Bybelvertalingskommissie om die Bybel uit die oorspronklike Grieks en Hebreeus te vertaal. In hierdie hoedanigheid was hy medeverantwoordelik vir die eerste Bybelvertaling in Afrikaans. Aanvanklik was Totius en prof. BB Keet as eindvertalers aangewys maar nadat die Universiteit van Stellenbosch geweier het om prof. Keet van sy normale pligte vry te stel, is ds. Kestell in sy plek as eindvertaler aangewys. Nog drie vertalers, HCM Fourie, EE van Rooyen en BB Keet, wat later wel toestemming by die Universiteit van Stellenbosch gekry het, is later aangewys om hulle in hierdie taak by te staan. Ds. Kestell was hoofsaaklik verantwoordelik vir die vertaling van die Nuwe Testament, wat hy reeds in November 1926 voltooi het. In Augustus 1933 was die eerste gedrukte Bybels in Afrikaans beskikbaar.

Ds. Kestell was 'n gewilde spreker by openbare geleenthede en tydens die Volks-en-Geloftefeesviering op 16 Desember 1929 het hy oor die betekenis van Geloftefeesdag en die rol van die vrou tydens die Groot Trek gepraat. Op 17 Februarie 1938 het hy tydens die Blaauwkrantz-eeufees 'n ernstige pleidooi gelewer dat die Afrikaner sy volksgenote moes help. Hy het dit op 16 Maart 1938 met 'n soortgelyke pleidooi in Bloemfontein opgevolg. Hy was die dryfkrag agter die stigting van die Reddingsdaadbond in 1938, wat armlankes sou ophef. Hierdie bond het aanvanklik onder leiding van dr. Nic Diederichs, latere minister van finansies en staatspresident, gestaan. Toe die hoeksteen van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 gelê is, was ds. Kestell 'n eregas. Die Voortrekkerbeweging het in September 1940 die orde van die Vriend van die Voortrekkers aan hom toegeken.



JD Kestell se begrafnis

Op Sondag 9 Februarie 1941 is ds. Kestell in die ouderdom van 86 jaar in sy huis in Bloemfontein aan asma oorlede. Hy is saam met pres. MT Steyn en genl. Christiaan de Wet, wat medelede van die Vrystaatse Driemanskap was, by die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein begrawe. Die dorp Kestell in die Vrystaat is in 1905 gestig en na hom vernoem. 

Daantjie Badenhorst



95 jaar van die FAK in 2024

Vir byna 'n eeu kan die Afrikaner-gemeenskap op die FAK staatmaak vir die ontwikkeling en beskerming van Afrikanergeskiedenis, -erfenis en Afrikaans as taal.

95 jaar gelede het die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) die taak aangepak om die Afrikanerkultuur te bevorder. 95 jaar later floreer die FAK en groei Afrikanererfenis van krag tot krag.

Vandag spog die FAK as die oudste bestaande kultuurorganisasie in Suid-Afrika. Ons vier ons Afrikanergeskiedenis, ons pragtige Afrikaanse taal, ons kulturerfenis, Afrikaanse musiek en ons voorgangers wat die weg vir ons gebaan het. Ons herdenk ook die suksesse wat die uitnemende organisasie al vermag het.

Stigting van die FAK



Die eerste uitvoerende komitee van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge in 1929 (van links na regs): IM Lombard, dr. NJ van der Merwe (voorsitter), LJ Erasmus, prof. TJ Hugo (ondervoorsitter) en prof. EC Pienaar.

Tydens 'n konferensie op 17 en 18 Desember 1929 is die FAK tot stand gebring en is dr. NJ van der Merwe as die eerste voorsitter verkies.

Byna 300 afgevaardigdes van verskillende kultuurorganisasies oor die hele land en selfs uit Namibië (destyds Suidwes-Afrika) het die kongres, genaamd die Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie, bygewoon.

“Ek heet u welkom tot 'n kongres wat 'n verdere skof op die trekpad van die Afrikaner beteken. Daar lê 'n lang en swaar skof tog agter die rug, en ons bring hulde aan die manne en vroue wat in die verlede gelei en gedryf en volhard het. Ons eer God, wat ons volk bewaar en gelouter het.”

Só het dr. NJ van der Merwe die kongres geopen. Dr. Van der Merwe het die fondasie gelê waarop die FAK vandag voortbou.

Historiese datums in die FAK se geskiedenis

- In 1931 word die Sentrale Volksmonumentekommissie as eerste komitee van die FAK gestig wat die Voortrekkermonument tot gevolg gehad het. Ook die Ossewabeeld by die Bloedrivier-erfenisterrein, die Voortrekkermonument in Winburg en die Retief-standbeeld by die Geloftekerk in Pietermaritzburg het deur hierdie komitee die lig gesien.
- Op 7 Maart 1931 word die eerste komitee vir die FAK-Sangbundel aangestel.
- Ook het “Die Stem van Suid-Afrika” die volkslied geword. Die FAK het 'n gedigtekompetiese van stapel gestuur om 'n geskikte lied te vind. CJ Langenhoven het sy gedig ook in die hoed gegooi en dit is eenparig deur die keuringskomitee gekies.



- Op 7 Junie 1937, tydens die FAK se Algemene Vergadering is die eerste eksemplaar van die Volksangbundel aan die voorsitter, dr. NJ van der Merwe, oorhandig. Toe die Hersiene Sangbundel in 1961 verskyn het, is reeds 60 000 eksemplare verkoop.
- Tydens die Groot Trek se eeufeesviering in 1938 het die FAK ook 'n sleutelrol gespeel in die viering.
- 'n Christelike fondasie in onderwys is in 1939 tydens die CNO- (Christelike Nasionale Onderwys-) kongres bespreek.
- 1949 het die FAK ook sy aandeel gehad in die inhuldiging van die Voortrekkermonument.



Die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1949

Onlangse geskiedenis

- In onlangse geskiedenis het die FAK weereens 'n kritiese rol in die beskerming van die Voortrekkermonument ingeneem. In 2021 het die FAK as bestuur van die Voortrekkermonument oorgeneem om die monument vanuit 'n finansiële krisis te red.
- Dit is 'n eer en 'n voorreg om die Voortrekkermonument te beskerm en broodnodige kulturele ontwikkelinge en herlewings aan die publiek te verskaf.
- Die stryd om beskerming en bewaring van Afrikanererfenis is groot. Daarom steun die FAK op gewillige hande vanuit gemeenskappe om die voortbestaan van historiese bakens te verseker. In Desember 2020 het die FAK-kultuurnetwerke posgevat. Verlede jaar het die FAK die Ermelo-Kultuurnetwerk trots as sy 33ste kultuurnetwerk gestig. Elke week in verskeie gemeenskappe regoor Suid-Afrika kom doodgewone landsburgers byeen en stel hulself diensbaar vir hierdie groot taak.

Noemenswaardige impak van die FAK-kultuurnetwerke:

- Die Carolina Burgermonument, na die Zuma-optogte twee jaar gelede waar die monument erg beskadig is, kan die monument se restourasie vanjaar voortgaan.
- Die FAK het, nadat die beeld en grafblad by Paul Kruger se graf gevandaliseer is, 'n nuwe beeld laat oprig en die stukke beeld gerestoureer.
- De la Rey se graf is ook gerestoureer nadat die bronsbeeld gesteel en die graf gevandaliseer is. 'n Nuwe beeld is opgerig, 'n presiese replika van die vorige een.
- Springs Wêreldoorlogmonument is deur die FAK-Oosrand-Kultuurnetwerk opgeknep. Hierdie projek het 'n trots in die gemeenskap geskep, en die dorp is vandag pragtig skoon en die monument is weer tot die vorige glorie herstel.

- Die Heldeakker-samewerkingsinisiatief. Quentin Meyer is die voorsitter van die FAK se Noord-van-die-Berg-Kultuurnetwerk en is deur die Tshwane-metroraad aangewys as die opsigter van die Heldeakker. Verskeie organisasies het byeengekom en sorg dat die Heldeakker skoon en netjies bly en dat die geskiedenis bewaar word.
- Brits 100: Die dorp het sy eeufeesviering in 2023 gevier. Die FAK se Kultuurnetwerk het die Eeufeesmonument by Laerskool Brits opgerig.
- Deur die skoonmaak van grafte binne die verskeie netwerke volg bewusmaking van die figure wat diep spore in Suid-Afrika se geskiedenis getrap het. So volg nuwe belangstelling in die geskiedenis.



Die FAK Jeugsimfonieorkester tydens 'n optrede in die Senotaafsaa by die Voortrekkermonument.

- Die FAK se Jeugsimfonieorkester is tot stand gebring in 2022 en het in 2023 reeds verskeie suksesse behaal met opvoerings saam met kore regoor die land.
- Die FAK het teenstand gebied teen die voorstel om die Afrikaanse Taalmonument se naam te verander om meer "inklusief" te wees.
- Vir die FAK is die ontwikkeling van ons Afrikaanse jeug ook belangrik. Die FAK bied vanjaar vir die 11de jaar die FAK Internasionale Afrikaans-Ekspo aan, waar die jeug en selfs studente kreatief kan raak in Afrikaans.
- Die bevordering van geskiedenis onder die jeug is ook 'n prioriteit en word die FAK Internasionale Geskiedenisolimpiade vanjaar vir die vyfde keer aangebied aan skoolleerlinge. Belangrike geskiedkundige gebeure vanuit Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral Afrikanergeskiedenis, is die fokus van hierdie olimpiade, aangesien dit grotendeels nie by die skoolkurrikulum ingesluit word nie.
- Die FAK het ook begin met 3D-skanderings van standbeelde en monumente sodat daar 'n digitale kopie is in die geval van vandalisasie of verwoesting daarvan.
- KUNDRAMUS – Kuns, drama en musiek word gevier in samewerking met die Voortrekkermonument. Die KUNDRAMUS-galery is in 2023 geskep vir die ontwikkeling en bevordering van kuns, drama en musiek in Afrikaans.



Die FAK Afrikaanse Liedjietuin

- Die FAK het in 2013 die Afrikaanse Liedjietuin tot stand gebring en vereer jaarliks verskeie Afrikaanse kunstenaars met 'n liedjebord in dié pragtige rosetuin.
- Die FAK het einde 2023 'n nuwe jeugbeweging aangekondig, die FAK Jeug.

“Die FAK het diep spore in ons geskiedenis getrap. Van die begin af het die FAK gebou aan 'n tuiste vir Afrikanerkultuur en ons het die voorreg om daardie werk voort te sit en daarin te volhard. Toe dr. NJ van der Merwe die taak aangeneem het, het hy gewet hoe groot die werk is. Ons skryf die volgende hoofstuk in Afrikanergeskiedenis en doen so met trots, geanker in ons geloof,” sê Danie Langner, besturende direkteur van die FAK.

Tuiste. Trots. Toekoms.

Dit is die FAK. Die FAK se geskiedenis en die geskiedenis van Suid-Afrika is nie net in mekaar gevleg nie, maar onafskeidbaar van mekaar.

Met dankbaarheid kyk ons vorentoe en weet dat dit elke dag vir die FAK 'n Erfenis-kattedag is.

Deur die volgehoue ondersteuning en bydraes van die vriende van die FAK, word die werk getrou voortgesit in 2024 en sal die FAK voortgaan om te bou aan ons gemeenskap, erfenis en taal. 

Marné Pienaar



KAN EK SELF?

Ons leef in 'n tyd waarin daar al meer teleurstellings is oor openbare dienste. Veral in Suid-Afrika, maar ook in my land Namibië, het sekere dienste verval. Korrupsie en omkoperij het algemeen geword. Daarom is die slagspreuk "Ons sal Self" gebore om mense wat selfrespek het, aan te moedig en saam te snoer om iets positiefs aan hulle leefwêreld te doen.

So is daar Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië opgerig, talle nuwe entrepreneurs het na vore gekom, terwyl daar nuut gedink word oor die toekoms. Die werk wat in Suid-Afrika onder leiding van Solidariteit gedoen word, gryp die verbeelding aan en is lofwaardig.

DIE BRON VAN KRAG

In ons Afrikanerkultuur is die erfenis bewaar om vanuit ons Christelike beginsels te beplan en te arbeid. Daarom wil ons graag die etiket "koninkryksdiens" dra, diens in gehoorsaamheid aan ons Koning Jesus Christus. Dit plaas tegelyk 'n gewigtige verantwoordelikheid op leiers en besture om hierdie etiket waardig te bly.

Teen hierdie agtergrond word die slagspreuk "Ek sal Self" krities beoordeel. Die Stoïsynse filosofie, wat nog aktief

nagevolg is in die tyd van die mensgeworde Jesus en sy apostels, het geleer dat die mens beheer oor homself behoort te neem. Ons persoonlike aksies, gedagtes en reaksies staan onder ons eie beheer. Deur selfbeheersing kan die mens sy emosies onderdruk en suksesvol wees. Die etiese optrede van die individu is bepaal deur sy wil in ooreenstemming met die natuur (universum) te bring. Vir die persoon met 'n Stoïsynse ingesteldheid sal "Ek sal Self" dus beteken dat sukses bepaal word deur soveel as moontlik bokant jou emosies uit te styg, sodat jy jou vermoëns ten beste kan benut. Jou bron van krag lê dan in jouself deur selfbeheersing, dit wil sê die beheersing van jou denke en emosies.

Die apostel Paulus het die bekende uitspraak gemaak:

"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee"

(Filippense 4:13 AFR83).

Vir ons Afrikaners, wat vandag oortuig is daarvan dat sekere sake in eie hande geneem behoort te word om te oorleef, is dit 'n belangrike stelling om ons koers te bepaal. Dit is 'n ingrypende korreksie op die Stoïsynse standpunt van selfbeheersing en selfdoen vanuit jou eie menslike vermoëns. Hulle stelling "Ek is tot alles in staat" word in sy wese verander deur die byvoeging "... deur Hom (Jesus Christus) wat my krag gee". Die apostel skryf die brief teen die agtergrond van sy eie omstandighede. Hy het soms gebrek gely, soms weer oorgedruel gehad. Hy was dikwels in lewensgevaar, is in die gevangenis gegooi, gemartel en verguis. Tog kon hy te midde van uitdagende omstandighede staande bly om die opdrag van Christus uit te voer. Hoe het hy daarin geslaag? Deur selfbeheersing? Nee! Deur sy emosies te beheer? Nee! Deur sy morele kompas in die natuur te soek? Nee!

Ons bron van krag lê nie in onself nie. Inteendeel, ons word tot optrede bemagtig "deur Hom wat my krag gee".

DIE MENS IS IN WESE SWAK

In Paulus se brief aan die Korintiërs maak hy die skynbaar teenstrydige stelling "As ek swak is, is ek sterk" (2 Korintiërs 12:10 AFR83). Hy skryf dat die Here hom teen hoogmoed beskerm het deur 'n doring in die vlees. Hy moes sy eie swakheid erken. Die antwoord op sy gebede om van die doring bevry te word, was "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Ook Dawid het aan sy Verlosser die erkenning gegee vir sy militêre suksesse in die beeldspraak "Want met U loop ek 'n bende storm, en met my God spring ek oor 'n muur" (Psalm 18:30 AFR53).

Beproewing dra dus die wonderlike vrug van nederigheid, wanneer gelowiges tot erkenning gebring word dat hulle in hulleself te swak is om te volhard, nog minder om suksesvol te wees. Die Skrif leer ons dat ware Christenskap na vore kom waar gelowiges nie slegs bely dat hulle Jesus as Here en Verlosser erken nie. Navolging van Christus vra nog meer, dat ons in onself moet sterf, sodat Christus in ons leef. Sodoende kruisig ons die hoogmoed wat kan ontstaan uit "Ons sal Self"-suksesse. Dit lei ons op 'n pad waar ons persoonlike koninkryke opgeoffer word ter wille van die Koninkryk van die hemel.

Die ou Israeliete is na hulle intog in die beloofde land gemaan om nie op hulleself trots te wees oor wat bereik is nie.

"Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, ..."

(Deuteronomium 8:17-18 AFR83).

Laat ons dan in ons Koninkryksdiens, waar ons ook ter wille van die behoud van ons eie beplan en projekte loods, dit altyd met erkenning van ons eie swakheid doen. Die krag en wysheid en volharding kom van Hom wat deur sy Gees in ons woon. Aan Hom kom die eer toe. Sy krag word in ons swakheid volbring.

LEER UIT DIE GESKIEDENIS

Daar is talle lesse uit die geskiedenis te leer. Nie alleen uit ons eie volksgeskiedenis nie, maar uit gebeure in die geskiedenis van die ganse mensdom. Hier volg 'n paar voorbeelde van optrede wat 'n groep of volk op dwaalweë kan lei.

Wie sy eie verafgod, kom tot 'n val. Wanneer 'n volk of kultuurgroep sy eie verhef bo die belange van die Koninkryk van God, word koers verloor. So 'n optrede kan nie die seën van die Almagtige God verwag nie.

Waar hoogmoed Christelike nederigheid verdring, sal God diegene wat in hulle eie oë groot is tot 'n val bring.

Wanneer jou norme bepaal word deur die situasie waarin jy is, om byvoorbeeld vir oorlewing sake na te jaag waar die doel die middel heilig, word perspektief verloor. Sulke optrede lei tot allerlei "-ismes", waarin die mens en sy behoeftes God van sy troon wil stoot.

KONINKRYKSDIENS IN "EK SAL SELF"?

Hoe mooi die slagspreuk "Ek sal Self" ook al in ons ore klink om mense tot aksie aan te moedig, moet elkeen waak daarteen om nie te vergeet dat dit alleen moontlik is "deur Hom wat my krag gee" nie. Koninkrykswerk vra Koninkryksperspektief. 

Dr. Callie Opperman
Netwerk vir Afrikanerbelange, Namibië



DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

– 'n oorsig van meer as 200 jaar na die digitale era



“'n Bybel vir almal.”

Hierdie kort sinnetjie omvat die visie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die groot taak wat hulle daagliks uitvoer.

204 jaar lank is dié Bybelgenootskap vlytig besig met die verkondiging van die evangelie in Suid-Afrika. Sedert 1820 het die Bybelgenootskap van krag tot krag gegroei tot waar dit vandag is.

Hoe gaan die Bybelgenootskap die taak aanpak om vir elkeen 'n Bybel te voorsien?

“Dit is die taak van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.”

Dié missie voer die Bybelgenootskap regoor Suid-Afrika uit met verskeie projekte en inisiatiewe, onder die leiding van ds. Rodney van Wyk, die uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Ds. Van Wyk is reeds sedert 2008 aktief betrokke by die raad van direkteure en beklee sedert 2023 die posisie van uitvoerende hoof.

Die sukses van die Bybelgenootskap lê daarin dat hulle gereeld soek na nuwe maniere om hul missie te vervul. In 'n ewig-veranderende wêreld is dit die taak van Christene om bankvas in geloof geanker te wees. Dit beteken egter nie dat die Bybelgenootskap net die Woord in geskrewe formaat versprei nie.

“Government House”, vandag Tuynhuys, waar die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) op 23 Augustus 1820 as die “South African Bible Society” gestig is.

As jy vandag na jou toepwinkel op jou slimfoon gaan kyk, sal jy sien dat die Bybelgenootskap sorg dat die Bybel in Suid-Afrika werklik by almal uitkom. Só sal jy 'n app vind vir die Bybel in Afrikaans, isiXhosa, Xitsonga, isiZulu, Setswana, die Bybel vir Dowes (in Afrikaans en Engels), Siswati, Tshivenda, Sepedi, Sesotho en ook isiNdebele.

Dit is vir die Bybelgenootskap belangrik om in pas te kom met die digitale wêreld en gebruik kreatiewe maniere om die Bybel vir almal bekostigbaar en toeganklik te maak.

Só het die Bybelgenootskap ook digitale platforms begin verken – soos die gebruik van video's op YouTube (**@BibleSocietyofSouthAfrica**), asook potgooie (**Wired on the Word**). Hier is verskeie insiggewende video's oor dié organisasie se werk.

Die Bybelgenootskap se **webwerf** is propvol hulpvaardige gereedskap om jou ontmoeting met die Here te vergemaklik. Hulpmiddels soos 'n Bybellesrooster, 'n boekie wat jou leer hoe om die Bybel te lees, gebedeboeke, preeksetse, Bybelvasvra, tydlyne, plakkaat en vele meer.

In 200 jaar het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n kritiese rol gespeel in die verspreiding van die Evangelie, nie net in Suid-Afrika nie, maar selfs in ons buurlande.

Dit is 'n voorreg om jou Bybel in jou moedertaal te kan lees, te kan hoor en te kan bespreek. Al is die Bybel in Afrikaans nie noodwendig nie hoofokus van die Bybelgenootskap nie, is 'n Bybel en verskeie vertalings die positiewe byproduk waarvoor ons net kan dankbaar wees. **f**

Marné Pienaar



AKADEMIA LEEF ONS

roeping in geloof, hoop en liefde

Kom lééf hierdie waardes saam met ons uit

KLIK HIER VIR MEER INLIGTING


AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

www.akademia.ac.za



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienuommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderrysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienuommer: 2011/HE08/005.

Vertalers van die eerste volledige AFRIKAANSE BYBEL



Die eindevertalers van die Bybel in Afrikaans. Dr. JD du Toit van die Gereformeerde Kerk sit links voor. Agter is prof. EE van Rooyen en HCM Fourie en voor ds. JD Kestell en prof. BB Keet.

John Daniel KESTELL (1854-1941)

is te Pietermaritzburg op 15.12.1854 as vierde kind en tweede seun van 'n Engelse vader, Charles KESTELL (1808-1905) en moeder van Duitse afkoms, Dorothea Louisa WEYER (1819-1854) gebore. Sy oupa ook Charles KESTELL was 'n 1820 Britse Setlaar. Hy is in die NG Kerk Pietermaritzburg (no. 1840) op 01.07.1855 gedoop.

Hy tree te Stellenbosch op 28.02.1882 in die huwelik met **Geertruyda Anna HOFMEYR (1858-1943)**, dogter van 'n professor in Teologie aan die Kweekskool te Stellenbosch, Nicolaas Jacobus HOFMEYR (1827-1909) en sy eggenote, Maria Magdalena LOUW. Vyf kinders, drie seuns en twee dogters, is uit die huwelik gebore.

Hy sterf weens asma tuis te Bloemfontein op 09.02.1941 (86 jaar) en laat sy eggenote na wat self te Bloemfontein op 15.08.1943 (85 jaar) oorlede is. JD Kestell se oorskot is in 'n graf aan die voet van die Vrouemonument, Bloemfontein.

Die dorpie Kestell in die Vrystaat, tussen Harrismith en Bethlehem, word in 1905 gestig en na hom vernoem.

Jacob Daniël (TOTIUS) du TOIT (1877-1953)

is te Paarl op 21.02.1877 as seun van Stephanus Jacobus du TOIT (1847-1911), leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Elizabeth Jacoba JOUBERT (1855-1882) gebore en as tweede seun na sy oupa aan moederskant, Jacob Daniel JOUBERT (1822-1878) (Bron: Sterfkennis van J.D. JOUBERT: KAB: MOOC 6/9/163: 5463), vernoem.

Hy is te NG Kerk Noorder-Paarl (p.380) op 25.03.1877 gedoop met o.a. grootouers, Jacob Daniel JOUBERT & Elizabeth Rachel van Niekerk ROWAN, Daniel Francois du TOIT, Jacob EKSTEEN, Geziena Maria HUGO, Abraham Matthys Johannes de VILLIERS as doopgetuies.

Sy moeder sterf op 27-jarige ouderdom, toe Totius maar vyf jaar oud was, te Pretoria op 01.11.1882 (Bron: Sterfkennis van EJ du TOIT nee JOUBERT: TAB: MHG o/2108 (1882).

Totius tree te Nylstroom op 26.08.1903 in die huwelik met **Maria POSTMA (1881-1966)** dogter van ds. Dirk POSTMA en Johanna Willemina van BILJON. Ses kinders, vier seuns

en twee dogters is uit die huwelik gebore met hul oudste dogtertjie Wilhelmina, wat op 31.12.1920 as 13-jarige deur die weerlig doodgeslaan is en hul jongste seun, Francois, wat 'n maand tevore op 07.11.1920 weens breinvlies-ontsteking oorlede is.

Hy woon voor afsterwe te Potchefstroom, maar sterf te Milnerstraat 125, Waterkloof, Pretoria, op 01.07.1953 in die ouderdom van 76 jaar. Sy sterfte is op 02.7.1953 geregistreer met oorsaak van dood as kardiaale infarksie en bydraende oorsaak, aorta klepletsel. Sterfkennis te Potchefstroom in Nov. 1953 deur nagelate eggenote teenwoordig by sterfplek, M du Toit, onderteken. Sy weduwee woon voor afsterwe te Nebohof, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria, en sterf op 'n Woensdag in die Andrew McCollm Hospitaal, Pretoria, op 03.08.1966. Sy word oorleef deur drie seuns en een dogter.

Hermanus Cornelis Martinus FOURIE (1882-1939)

is te 'Leliefontein', distrik Carolina op 05.07.1882 as jongste van vyf kinders gebore en vernoem na 'n oom aan vaderskant. Sy vader was generaal Joachim Christoffel FOURIE (1850-1900), assistent kommandant-generaal van die ZAR-magte en tydens die Anglo-Boereoorlog sneuwel en sy moeder was Aletta Elizabeth de CLERCQ, 'n kleindogter van die Voortrekker Jacob de CLERCQ/de KLERK na wie die dorp Klerksdorp vernoem is. Die gesin het op die plaas Welgevonden gewoon en Herman se moeder is oorlede toe hy maar 20 jaar oud was en onge trou.

In die tyd van die aflegging van sy kandidaatseksamen in die teologie in Nederland, raak hy verloof aan **Joanna Everharda la RIVIERA (1884-1973)**, musiekstudent en gebore in Nederland. Hul tree na voltooiing van hul studies te Zwolle, Nederland, op 27.10.1910 in die huwelik. Die wittebroodsreis was terselfdertyd die reis na hul eerste gemeente. Hulle het deur Frankryk gereis en van Marseilles vertrek, vanwaar hulle langs die ooskus tot in Lourenço Marques gevaar het. Daarvandaan is hulle per trein na Pretoria, waar hy op 4 Januarie 1911 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelegitimeer en beroepbaar verklaar is in die Ned. Hervormde Kerk. Vyf FOURIE-kindere, drie seuns en twee dogters is uit die huwelik gebore.

Hoewel hy een van die grondleggers van die teologiese fakulteit van dié kerk aan die Universiteit van Pretoria was, het hy die professoraat wat hom aangebied is, van die hand gewys. Op 21 Januarie 1911 is prop. HCM Fourie georden as predikant van die gemeente Pretoria, waarvan die Bronkhorstspuit-gebied toe 'n afdeling was. Hy bedien Nederduitsch Hervormde Kerk Gemeentes te Bronkhorstspuit, Johannesburg en Marico.

Hy was dertien tale magtig, maar sy voorkeurtale was Hebreeus, Aramees en Grieks. Dit het daartoe bygedra dat hy as een van die Bybelvertalers gekies is. Hy was van oortuiging dat die vertalings opnuut uit die grondtale gedoen moes word.

Herman woon voor skielike afsterwe te 'Wonderfontein no.41', dist. Marico. Hy sterf weens 'n hartaanval op 'n Saterdag 05.08.1939 tydens 'n vakansie op 'Tugela', dist. Potgietersrus, die bosveldplaas van ds. Grobler. (TAB: MHG Boedel van H.C.M. FOURIE, TAB: MHG 3073/39 (1939), Nasionale Argief, Arcadia, Pretoria. Sterftesertifikaat no.54 met G.P. Grobler wat sterfte registreer). Sy weduwee sterf eers in 1973.

Esaias Engelbertus van ROOYEN (1884-1951)

(soms Isaias gespel) is te Oudtshoorn op 18.03.1884 as enigste seun van Christiaan Jacobus Matthiam van ROOYEN (1859-1890) en Anna Elizabeth Magdalena FOURIE (1857-1940) gebore en is na sy oupa aan vaderskant vernoem. Hy is te NG Kerk Oudtshoorn (no.211, p.606) op 27.04.1884 gedoop met die volgende persone as doopgetuies: Gert Johannes CLAASSEN, Susara Margaretha geb. FOURIE, Jurgens Johannes Cornelis LOMBAARD, Maria Susanna Catharina geb. KELLER.

Sy vader sterf op 31-jarige ouderdom toe Esaias maar ses jaar oud was en sy weduwee-moeder tree in die huwelik met 'n wewenaar, Carel Petrus SNYMAN. Hy sterf egter op 09.10.1901 en weduwee Snyman voorheen Van Rooyen bly vir etlike jare 'n weduwee en sterf te 'Kliprivier', dist. George op 26.10.1940.

Na voltooiing van sy studies aan die Kweekskool in 1909 is hy na die Vrije Universiteit, Amsterdam, waar hy sy doktorsale eksamen suksesvol afgelê het. Terug in sy vaderland en terwyl hy met sy proefskrif besig was, was hy ook as hulpprediker in Montagu werksaam. In 1916 het hy in Nederland gepromoveer en by sy terugkeer in Suid-Afrika is hy as leraar van die Nuwe Kerk, Kaapstad, bevestig.

Hy tree as 35-jarige predikant van Kaapstad te NG Kerk Graaff-Reinet (no.562) op 10.09.1919 in die huwelik met **Amelia Elizabeth BOOYSEN**, 'n jonge dogter van Graaff-Reinet. Hul huwelik word deur ds. BB Keet voltrek. Amelia se mamie, Elizabeth Helena BOOYSEN née MURRAY (1864-1939) is 'n kleindogter van die MURRAY-stamouers, Andrew MURRAY (1794-1866) en sy eggenote, Maria Susanna Magdalena STEGMANN (1809-1889). Vier kindere, drie dogters en een seun, is uit die Van Rooyen-Booyesen-huwelik gebore.

Reeds tydens die Sinode van 1919 is hy tot hoogleraar beroep en as professor in die Ou-Testamentiese vakke het hy vanaf 1920 tot 1950 onvermoeid en met groot erns hom aan sy lewenstaak toegewy.

Hy is na uittrede in die ouderdom van 68 jaar baie skielik tuis te Georgeweg 52, Oudtshoorn, weens koronêre trombose met bydraende faktore van 'arteriosclerosis' en hoë bloeddruk oor meer as twee jaar, op 12.09.1951 (KAB: MOOC 6/9/18919: 6387/51 (1951) Boedel van E.E. van ROOYEN) oorlede.

Barend Bartholomeus KEET (1885-1974)

as latere baanbreker van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en teoloog van wêreldformaat, asook langsoorlewende Bybelvertaler is te Alice, Oos-Kaap, op 20.06.1885 as vyfde kind en derde seun van die pastoriepaar van die gemeente Victoria-Oos en Peddie (voorheen ook leraar te Kimberley en later te Humansdorp), Barend Bartholomeus KEET (1844-1903) en Jacoba Petronella HERHOLDT (1849-1934) gebore. Hy is as derde seun volgens tradisie na sy vader vernoem en te NG Kerk Peddie op 02.08.1885 gedoop met Willem Petrus ROUSSEAU, Sophia Petronella KORSTEN, Gysbert Reynier KEET, Catharina Maria BOSMAN, Gert Johannes Paulus NEL, Hester Cecilia Elizabeth NEL, Daniel Jozua PIENAAR A-zn. en Hester Anna LOUW as doopgetuies (NG Kerk Peddie doopregister no.1036, p.624).

Na sy plaaslike studies en in buiteland in die teologie is hy eers hulpprediker in Noorder-Paarl (1914) en toe medeleraar op Graaff-Reinet (1916).

Hy tree op 07.12.1916 in die huwelik met **Johanna Maria van AARDE (1893-1918)** en hul huwelik word deur skoonvader, ds. Johan Hendrik van AARDE te NG Gemeente Kruisrivier (Tulbagh) (no.8) voltrek. Sy eggenote sterf egter in die pastorie te Graaff-Reinet op 16.10.1918 weens longontsteking (bron: Sterftesertifikaat no. 342), slegs vyf maande na die geboorte van hul enigste kind, seun en naamgenoot, Barend Bartholomeus KEET (18.05.1918-17.03.1996).

In 1919 word hy op 34-jarige leeftyd as opvolger van prof. PJG de Vos na die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch beroep. Nadat hy reeds 1914 vir 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel gepleit het, besluit die Kaapse Sinode – die enigste waarin hy ooit as leraar van 'n gemeentesitting

gehad het – op sy voorstel om Afrikaans naas Nederlands as amptelike kerktaal te erken. Aan die Kweekskool wy hy byna die helfte van sy lewensjare, want vir meer as veertig jaar doseer hy die vakke dogmatiek, etiek en kerkreg. Na die besluit van die Kaapse Sinode van 1919 om die Bybel in Afrikaans te laat vertaal, word prof. Keet as een van die vaste vertalers benoem.

Hy tree as wewenaar op 45-jarige ouderdom weer in die huwelik met 'n jonge dogter en onderwyseres van die Paarl, **Frances Jessie REITZ (1902-1999)** met ds. AC Stegmann wat die huwelik te NG Kerk Kaapstad voltrek (no.24).


Hy woon na uittrede saam met sy tweede eggenote, Frances Jessie née REITZ te Jonkershoekweg 78, Stellenbosch, en is te Stellenbosch op 21 Junie 1974, die dag na sy 89ste verjaardag, oorlede.

Bronne:

Boedels, Oranje-Vrystaat (VAB: MHG te Bloemfontein Argiefbewaarplek, Vrystaat; NG Kerk doop- en huweliksregisters.

Boedel van J.D. du TOIT, TAB: MHG 5941/53 (1953) & Boedel van M. du TOIT nee POSTMA, TAB: MHG 10225/66 (1966), Nasionale Argief, Arcadia, Pretoria; Huweliksertifikaat, asook Sterftesertifikaat no.8/4 van J.D. du TOIT, soos bewaar deur Dept. van Binnelandse Sake van J.D. du TOIT; NG Kerk Kaapland doopregister (dokument ter insae op www.familysearch.org).

Boedels, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB: MHG); Publikasie, *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869–1969* (hoofstuk deur prof. J. P. OBERHOLZER, p.171-183); Sterftesertifikaat soos bewaar deur Dept. van Binnelandse Sake.



'n Afrikaanse 1933-vertaling van die Bybel met die handtekeninge van JD Kestell, JD du Toit (Totius), HCM Fourie, EE van Rooyen en BB Keet – die vertalers wat aan die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans gewerk het.

Boedels Kaapprovinsie soos gehou te Kaapstad Argiefbewaarplek; Sterftesertifikaat no.576/51 soos gehou deur Departement van Binnelandse Sake; NG Kerk Kaapland doop- en huweliksregisters (al die betrokke dokumente is ook ter insae via www.familysearch.org; www.gemeentegeschiedenis.co.za).

Publikasie: *NG Kerk Jaarboek 1975*; NG Kerk Kaapland doop- en huweliksregisters; Boedels te Kaapstad Argiefbewaarplek en Meester van die Hooggeregshof. 

Isabel Groesbeek
FAK Genealogielessenaar

Maak kultuur jou leefstyl



In Julie 2023 het die Voortrekkermonument (VTM) se feeste en fasiliteite-span hul skoenrieme vasgebind, spiere behoorlik gestrek en hul voorberei vir 'n splinternuwe uitdaging; die ontwikkeling van 'n Leefstylklub.

Vanjaar was dit vroeg-vroeg al “merke, gereed, gaan” en dié span is uit die wegspringblokke om die VTM se sport- en leefstylaangebod in 2024 groter en beter as ooit te maak.

Michael Barnard, plaas- en leefstylbeampte by die VTM, is getaak met die uitbreiding van 'n reeds gewilde sportaanbod en sê hy is baie opgewonde oor hul planne vir die jaar.

“Baie mense het in die verlede al hier by die monument kom draf, stap en fietsry, of dit nou saam met die Monument Draf en Stapklub is of tydens een van ons vele uithou-wedrenne wat ons deur die jaar aanbied, maar hierdie jaar beplan ons om die Voortrekkermonument dié plek te maak vir sportentoesiaste om hul stamina op die proef te kom stel,” sê hy.

Die VTM het reeds in 2023 nuwe jukskeibane op die terrein laat bou en vanjaar word daar beoog om hierdie bane só uit te brei dat nasionale kompetisies aangebied kan word.

“Ons het einde verlede jaar 'n kenner ingekry om ons te help om ons jukskeibane op 'n internasionale standaard te kry. Verder beplan ons ook om Boeresport-byeenkomste aan te bied om nie net die tradisie lewend te hou nie, maar ook om jonk en oud te wys dat fiksheid nie harde werk hoef te wees nie. Hier kan ons speel-speel fiks word.”

Vir die jongspan bied die monument al 'n geruime tyd laserskiet aan en met die ontwikkeling van die nuwe sport- en leefstylaangebod wag daar opwindende uitbreidings soos 'n buitluggimnasium en verskeie sportgeleenthede.

Christiaan Jordaan, die VTM se hoof van kultuurtoerisme, is dit met Barnard eens dat die beplande uitbreidings op die terrein beloop om groot opwindings op die terrein te bring.

“Toe ons verlede jaar die VTM se Leefstylklub in Julie geopen het, het ons vroeg al baie belangstelling gekry en besluit om vanjaar ons aanbod nog verder uit te brei.”

Die nuwe sport- en leefstylaangebod sal ook 'n sterk fokus plaas op praatjies wat fisiese, emosionele, geestelike, finansiële en kulturele welstand bevorder. Voëlkyk, boom- en plantidentifisering, natuurverkenning, sportbyeenkomste, tuinbouwerkswinkels en demonstrasies, en sosiale byeenkomste is ook op die agenda. Ilomi Kruger, wat vanjaar ook by die VTM-span aangesluit het as koördineerder van die natuurprogramme, sal ook baie van hierdie programme aanbied.

Vir meer inligting oor die VTM se sport- en leefstylaangebod kontak gerus besprekings@kultuurtuiste.org.za 

DIE PROSES OM DIE BYBEL TE VERTAAL



Op 27 Augustus 2023 het die Bybelgenootskap die 90ste herdenkingsjaar van die Bybel in Afrikaans by die Voortrekkermonument met 'n spesiale Dankfees gevier.

Sedert die eerste Afrikaanse Bybel is daar minstens ses vertalings in Standaardafrikaans.

Mense wonder dikwels oor die betroubaarheid van Bybelvertalings. Waarom is die Bybel soveel kere vertaal? As daar 'n nuwe vertaling uitkom, beteken dit die oue is nie meer geldig nie? Waarom verskil Bybelvertalings soveel van mekaar?

Baie van die onsekerheid rondom Bybelvertalings begin by 'n gebrek aan kennis van vertaalkunde as vakdisipline.

Natuurlik is daar menslikheid by die proses betrokke, maar die vertaalproses is 'n weldeurdragte, taalkundige proses en daar is vele kundiges in die veld wat saamwerk om die Bybel te vertaal.

DIE DOEL VAN 'N NUWE VERTALING

Eerstens is dit belangrik om die doel van 'n vertaling te verstaan. Mense besluit nie oornag dat dit tyd is vir 'n nuwe vertaling nie. Bybelvertalings vind plaas omdat daar 'n baie definitiewe leemte of behoefte in die gemeenskap is vir 'n sekere vertaling. Die 2020-Bybelvertaling se doel was byvoorbeeld om vir mense 'n meer direkte vertaling te gee, maar in Omgangsafrikaans (die Afrikaans wat daagliks gepraat word en nie noodwendig akademies hoogdrawend is nie).

DIE TIPE VERTALING

Sodra die doel van die vertaling vasgestel is, word daar besluit op die tipe vertaling. Hier het die vertaler gewoonlik een van twee opsies: 'n letterlike of brongebaseerde vertaling, teenoor 'n verklarende vertaling. 'n Brongebaseerde vertaling fokus om so getrou as moontlik aan die oorspronklike teks te vertaal, selfs al maak die inhoud nie noodwendig sin vir die leser nie. Dit word dikwels ook gesien as 'n woord-vir-woord vertaling. Soos dit geskryf staan, so word dit vertaal (natuurlik met die regte sinskonstruksies). 'n Verklarende vertaling fokus daarop om dit vir die leser so goed as moontlik te beskryf in die idioom van die taal wat hy/sy praat. Hebreeuse uitdrukkings wat nie noodwendig in Afrikaans sal sin maak nie, sal byvoorbeeld met 'n eenvoudiger Afrikaanse woord of term vervang word wat die leser sal verstaan. 'n Voorbeeld hiervan is die woord "nier". In die oorspronklike tekste word niere dikwels gebruik om na 'n mens se emosies of innerlike te verwys. 'n Bronvertaling sal byvoorbeeld die woord net so oorvertaal, maar 'n verklarende vertaling sal "nier" eerder met die woord "hart" vervang.

DIE TEIKENGEHOOR

Die behoeftes van die teikengehoor sal bepaal watter tipe vertaling gepas sal wees. Die 1983-vertaling is byvoorbeeld 'n verklarende vertaling en dit is hoekom dit so baie van die 2020-vertaling verskil wat 'n brongebaseerde vertaling is. Die een of die ander is nie noodwendig meer of minder betroubaar nie, maar verskil ten opsigte van die teikengehoor se behoeftes.

Elke Afrikaanse Bybelvertaling is uniek en 'n vakkundige komitee het maande spandeer om dit so akkuraat as moontlik te vertaal en aan te bied. Dus, enige Afrikaanse Bybelvertaling uitgegee deur die Bybelgenootskap, kan met sekerheid vertrou word. Kies 'n vertaling wat aan jou behoeftes voldoen en waaruit jy die meeste kan baat.



Hier is 'n voorbeeld van die eerste twee verse van Psalm 23 in die verskillende Bybelvertalings in Afrikaans.

Nuwe Lewende vertaling:

¹Die Here is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie. ²Hy laat my lê in groen weivelde; na water waar rus is, lei Hy my.

Die Boodskapvertaling:

¹Die Here sorg vir my soos 'n herder wat sy skape oppas; ek het niks meer nodig nie. ²Hy gee vir my die heel beste van alles: kos, veiligheid en vrede. Omdat die Here by my is, bekommer ek my nie. Wanneer ek moedeloos word, laat Hy my die lewe weer anders sien.

Afrikaans 1953-vertaling:

¹'n PSALM van Dawid. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. ²Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

Afrikaans 1983-vertaling:

¹'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. ²Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.

2020-vertaling:

¹Die Here is my herder; ek ly nie gebrek nie. ²In groen weivelde laat Hy my rus; na water waar daar rusplek is, lei Hy my.

Bybel vir almal:

¹Die Here is my Herder, Hy sorg vir my, ek het genoeg van alles. ²'n Herder bring sy skape na goeie weiveld, hulle eet genoeg en hulle gaan lê. Hy bring hulle na die water, en daar gaan hulle lê en rus.

DIE VOORREG OM 'N BYBEL IN JOU MOEDERTAAL TE MAG HÊ



Die Bybel in Afrikaans is baie min vertaal in die laaste 90 jaar, teenoor ander Bybelvertalings regoor die wêreld. Die Bybel is byvoorbeeld oor die 500 keer in Engels vertaal in die afgelope 100 jaar.

Die Bybelmaatskappy Youversion is tans besig met 'n veldtog om teen 2033 die Bybel, of ten minste groot dele daarvan, vertaal te hê in tale waarin die Bybel nog die bestaan nie. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is onder andere een van Youversion se vennote in die projek. Luidens Youversion het bykans 1 biljoen mense nie toegang tot die Bybel in hul moedertaal nie. Dit laat mens net weereens besef hoe bevoorreg ons is om die Bybel al vir 90 jaar in Afrikaans te kan hê.

Youversion is besig met die volgende vertaalprojekte: Mongu (Zambië, Namibië, Angola); Pitjantjatjara (Australië); Mbeya A Cluster (Tanzanië); Ogooue Cluster (Gaboen); Sangha Cluster (Gaboen, Kongo); Mosiye (Ethiopië); Lambya (Malawi); Elhomwe (Malawi); Aja (Benin); Tekat cluster (Indonesië); Luhulu River Cluster (DRK); Lafi e Devleso Cluster (Kroatië, Serbië); Doondo (Kongo); Atsimo Cluster (Madagaskar); Chatino (Mexico); Guambia-Misak (Colombië); Colombiese Gebaretaal; Polchi (Nigerië); BaYaYa Cluster (Republiek die Kongo); Chhattisgarhi (Indië); Songo (Angola); Spaanse Gebaretaal; Tshuapa Cluster (DRK); Izon (Nigerië); Tipah Cluster (Indonesië); Tanzaniese Gebaretaal (Tanzanië); Holoholo (DRK); Manyawa Nuwe Testament (Mosambiek); Bonde Cluster (Tanzanië); Yombe (Kongo); San Pedro 3 (Mexico); Rindire (voorheen bekend as Nungu) (Nigerië); Chakali (Ghana); Nuwe Oekraïense vertaling (Oekraïne); Abakwa Cluster 3 (Kameroen); Rwandanese Gebaretaal (Rwanda); Western Bantu Cluster (Kameroen); asook 19 ander projekte wat hoogs vertroulik hanteer word om die vertalings en mense by die projek betrokke te beskerm.

As jy graag 'n finansiële bydrae wil maak om te help dat die Bybel vir mense in hul moedertaal toeganklik kan wees, volg hierdie skakel:

<https://www.youversion.com/bibleforeveryone/>.



KLIK HIER om na Psalm 23 in die verskillende Afrikaanse Bybelvertalings te luister.

Die rol van die BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSKAPPE



Eerste besending van die Afrikaanse Bybel, Kaapstad 1933

Arnoldus Pannevis is die eerste persoon wat gesê het daar is 'n nood dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word.

Op 7 September 1872 het hy in *De Zuid-Afrikaan* geskryf dat, soos hy dit beskryf het, “de eenvoudiger gedeelte der bevolking” die Nederlandse Statevertaling nie meer kon verstaan nie.

Taal verander voortdurend en ons weet dat selfs vandag die vroeëre Afrikaans vir die jongmense gans te Grieks voorkom. In hierdie eeu is ons bevoorreg om ten minste ses Afrikaanse vertalings van die Bybel te hê met die nuutste vertaling so jonk as 2020. Verskeie kerke het reeds dié vertaling in die kerk se gebruik aangeneem. Só is die Skrif toeganklik vir almal.

Daar was egter in Pannevis se tyd weerstand teen die Afrikaanse vertaling van die Bybel.

CP Hoogenhout het die hand aan die pen gewaag met 'n vertaling van die verhaal van Josef. So het hy ook die weg berei vir die Afrikaanse vertaling van die Bybel.

Vir Pannevis was dit belangrik om 'n verstaanbare teks aan die volk te kon bied en het die vertaling van die Bybel nie soseer gegaan oor die Afrikaanse taal nie.

Pannevis en Hoogenhout het 'n skrywe gerig aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG). In 'n brief geskryf op 7 November 1874, bepleit hulle hierdie saak, maar die BBBG het die vertaling afgekeur.

Vandaar is die saak na die BBBG se sekretaris in Suid-Afrika, ds. Geo Morgan, verwys. Weereens met die predikante-konferensie van 1875 is die vertaling na Afrikaans afgekeur.

**Die stryd om die Bybel na
Afrikaans te vertaal, het
uiteindelik in 1933 tot
vervulling gekom.**

Alhoewel die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap aanvanklik die vertaling afgekeur het, is die Bybelgenootskap tog deel van die geskiedenis. Sou Pannevis en Hoogenhout nie die brief gestuur het nie, wie weet wanneer die vertaling van die Bybel na Afrikaans sou plaasvind?

Nietemin, ons is bevoorreg om die Bybel in ons moedertaal te kan lees. Of jy lief is vir die ou 1933- of 1953-weergawe, soos ons hom van kindsbeen af gehoor het, en of jy eerder die 2020-vertaling verkies, dit is mooi en dit is goed dat ons dit in ons moedertaal kan lees. **f**

Marné Pienaar



ONS IS HIER!

Wees die vonk! Een van die lekkerste dinge van 'n nuwe organisasie stig is om 'n sterk leuse uit te dink – almal het idees!

Die FAK Jeug is 'n Afrikaanskulturele-organisasie geskoei op Christelike en Afrikanerwaardes, met die doel om Afrikanerjeug as die leiers van môre te ontwikkel. Ons doen dit deur kritiese denke te bevorder, kultuurrentmeesterskap aan te moedig, Afrikanertrots en -identiteit te ontwikkel en die Afrikanerkultuur te vier.

Ek sal graag in my eie taal wil studeer, maak nie saak wat ek swot nie. Ek sal graag openlik trots wil wees op my volkshelde – dit is danksy hulle dat ek hier is. Ek sal graag monumente vir hulle wil oprig, wat nie afgebrand, gevandaliseer of selfs gesteel word nie. Ek sal graag wil leef in 'n gemeenskap waar ek nie vrees vir my lewe in die aande tussen verkeersligte nie. Ek sou graag in 'n huis wou bly met 'n mooi grasperk en tuin, sonder dat dit omhein is met talle verskillende sekuriteitsmure, -heininge, -ligte, -drade, -kameras, -alarms en/of -wagte. Ek sou graag (ten spyte van al my veiligheidsmeganismes) veilig wil voel in my eie huis, my eie gemeenskap en my eie land.

FAK Jeug bestaan, want sommige van hierdie dinge waarna ek smag, is vir ander jong Afrikaners 'n bietjie te veel gevra. Ons word groot in 'n nuwe normaal – dit is vir ons normaal om nie hierdie dinge te ervaar nie en daar word selfs gefrons as jy daarna vra.

Ek dink ons jong Afrikaners het 'n identiteitskrisis. Die oumense wil jou vertel wat jy behoort te wees. Die media wil jou vertel “jy moet net jouself wees” – wat ook al dit beteken.

FAK Jeug wil jou help om jou identiteit te vind. Ons besef dat jy jou identiteit eerste in jou geloof vind, en dan in jou kultuur. Ja, die omstandighede is nie aldag in ons guns nie, maar ons aanvaar 'n goeie uitdaging. Jy skep jou eie geluk. By FAK Jeug skep ons ons eie toekoms.

'n Positiewe ingesteldheid kan versprei soos 'n veldbrand, al wat nodig is, is die vonk. Iemand moet inisiatief neem. Daarom is ons hier. Daarom is ons FAK Jeug. Daarom nooi ons jou uit: Wees die vonk. 

Frans de Klerk, voorsitter van die FAK Jeug
Toespraak met die amptelike bekendstelling van die FAK Jeug



 **KLIK HIER**
om na die video te kyk

GODS WOORD IN ELKE TAAL –

HULDE AAN DIE BYBELGENOOTSKAP



In 1618 is die vertalingsopdrag vir 'n Nederlandse Statenvertaling uit Grieks en Hebreeus by die Sinode van Dordrecht gegee.

Die Nederlandse Statebybel het in 1637 verskyn, 15 jaar voordat Jan van Riebeeck in 1652 'n VOC-verversingstasie aan die Kaap gestig het. Vir 281 jaar was die Statebybel die lewenshandboek van die Hollandse en later Afrikaanse gemeenskappe, totdat die Statenvertaling met die 1933-Afrikaanse Bybelvertaling vervang is.

In 1820, dieselfde jaar waarin die Britse Setlaars hulle aan die Oosgrens van die Kaapkolonie gevestig het, het die British Bible Society die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op 23 Augustus in Kaapstad gestig. Die bestaansdoel is duidelik geformuleer: "Om aan die kerk en al die inwoners van Suid-Afrika bekostigbare Bybels te voorsien, vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewengewende boodskap van die Woord mag ervaar."

Vir twee eeue het die Bybelgenootskap getrou aan hul roeping 'n onskatbare bydrae gelewer om God se Woord in elke taal in Suid-Afrika te vertaal. Setswana was die eerste

Suid-Afrikaanse taal wat die volledige Bybel ontvang het. In 1830 het Robert Moffat die evangelie van Lukas in Setswana vertaal. In 1840 volg die Nuwe Testament en in 1857 die hele Bybel. Die Afrikaanse Bybel sou eers 76 jaar later volg.

Reeds met die ontstaan van die Eerste Taalbeweging in 1875 is gepleit vir 'n eie Afrikaanse Bybel.

**Sonder 'n Bybel in eie taal
sou Afrikaans beswaarlik van
komuistaal tot 'n internasionale taal
kon groei.**

Die GRA-manne het moue opgerol en in 1893 verskyn DF du Toit se vertaling van *Di eerste boek van Moses genoem Genesis* in Afrikaans.

Na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 het Afrikaners nie, in die woorde van Jan FE Celliers, by "n graf in die gras



en 'n vallende traan" gebly nie. Hulle het herbou, nuut gebou en Afrikaans tot 'n volwaardige taal ontwikkel. Die verskyning van Eugène Marais se "Winternag" in 1905 het aan die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en die behoefte aan Gods Woord in eie taal momentum gegee. In 1911 vra 'n jong Vrystaatse teologiese student aan president MT Steyn om 'n boodskap te stuur vir die taalkongres wat die Stellenbosch-studente se Afrikaanse taalvereniging reël. In sy toespraak met die tema: "Hoe kan ons Afrikaanse taalregte kry", lees hy die kort saaklike boodskap van President Steyn: "Die taal van die veroweraar is in die mond van die verowerde die taal van slawe." Vyf jaar later stel die student, nou dominee van NG Gemeente Wepener en skoonseun van President Steyn, in 1916 aan die Vrystaatse Sinode voor dat die Bybel in Afrikaans vertaal word. Die student was NJ van der Merwe wat in 1929 'n medestigter van die FAK, eerste FAK-voorsitter en eerste hoofleier van Die Voortrekkers was. Toe die eerste 10 000 Afrikaanse Bybels in 1933 in Kaapstad arriveer, nooi ds. JD Kestell vir NJ van der Merwe om die eerste krat met Afrikaanse Bybels oop te maak.

Die publikasie van Langenhoven se *Woordelys en spelreëls* in 1917 het 'n raamwerk gegee waarvolgens die Bybelvertalingskommissie onder leiding van Kestell met die monumentale werk om die Bybel in Afrikaans te vertaal kon begin. Behalwe die geestelike en kerklike waarde van die 1933-Afrikaanse Bybelvertaling kan die kulturele en letterkundige betekenis daarvan nouliks oorskat word. Totius se vertalings van die Psalms, waaronder Psalm 8: "Daar is geen land so ver of woës geleë, geen strand o Heer of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid of orals blink U naam en majesteit", asook Kestell se vertaling van 1 Korintiërs 13: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek en ek het nie die liefde nie het ek 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal geword", en verder aan "die liefde vergaan nimmermeer", span die kroon op die skoonheid van Afrikaans.

Vir die Afrikaanse leser het daar skielik 66 boeke in Afrikaans verskyn, van prosa en poësie tot wetenskap en antieke fabels, briewe en kortverhale, wysheidspreuke en gelykenisse. Daar is meer as 800 idioome, spreekwoorde, vaste uitdrukkings en gesegdes in alledaagse Afrikaans aan die Bybel ontleen. Gesegdes soos "eet, drink en wees vrolik", of 'n "ware Jobstrooster", iemand wat "kop en skouers uitstaan" of sy "Moses teëkom", het vinnig deel van die spreektaal geword. Van die meer as 800 gesegdes uit die Bybel, kom 300 uit die mond van Jesus en 70 daarvan uit die Bergrede, byvoorbeeld "sout van die aarde" en "meer werd as twee mossies" of "gee aan die keiser wat die keiser toekom".

Die 1983-Bybelvertaling het vyftig jaar na die 1933-vertaling verskyn en die 2020-vertaling 37 jaar later. Gegewe die ritme is dit vir elke geslag beskore om een, hoogstens twee Bybelvertalings, in 'n leeftyd te ontvang. In 2023 is die Afrikaanse Bybel 90 luisterryk gevier. Vir die 1933-vertaling was ds. JD Kestell, vir die 1983-Bybelvertaling prof. EP Groenewald en vir die 2020-Bybelvertaling prof. Bernard Combrinck onderskeidelik voorsitters van die verskillende vertalingskommissies. Elke vertaling is in eie reg 'n getuigskrif van die wetenskap van vertaalkunde van sy tyd, en nie een vertaling was sonder kritiek ontvang nie. Inderwaarheid was dit die kritiek, tesame met die ontwikkeling van vertaalkunde as wetenskap en die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, wat die noodsaak en energie skep vir elke nuwe Bybelvertaling.

Dit is opvallend dat elke amptelike Afrikaanse Bybelvertaling te midde van 'n krisis in die Suid-Afrikaanse samelewing verskyn het. In die depressiejare, armoede en droogte van die dertigs; die oorlog, geweld en verskeurdheid van die tagtigs en in die tragedie van 2020 se Covid-pandemie. Waar Suid-Afrika in vele opsigte op die glybaan beland het, is die nuwe 2020- Afrikaanse Bybelvertaling ook 'n helder lig en 'n antwoord van toekoms hoop. In 1 Samuel 3:1-4 staan daar: "Die Woord van die Here is in daardie tyd min gehoor..." en "toe roep die Here na Samuel". Samuel het geantwoord: "Ek kom!" Dankie aan die Bybelgenootskap wat in 'n eietydse krisistyd opnuut die roepstem van ons Here gehoor het en soos Samuel van ouds daadwerklik daarop reageer het. 

Danie Langner
Besturende direkteur

VEGKOP

VAN 1836 TOT VANDAG



“In 'n moderne wêreld is dit ongelooflik belangrik om ons land se monumente en museums te besoek.” Só vertel Corné van der Merwe, geskiedenis­liefhebber en direksielid van die Vegkop-slagveldterrein.

“Om ons land se monumente te besoek, herinner ons aan 'n belangrike gebeurtenis of persoon wat 'n groot impak op ons geskiedenis gehad het. Dit gee mens ook leiding; dit leer mens hoe om 'n beter toekoms te bou.”

Dit is ook met hierdie filosofie wat die bestuur en ondersteuners van Vegkop al vir jare al die geskiedenis van die Groot Trek oorvertel en bewaar.

Soos FA van Jaarsveld vertel het:

“As 'n volk sy geskiedenis verwaarloos, verdwyn sy bodem onder hom uit.”

Talle historici meen die belangrikheid van Vegkop tydens die Groot Trek word dikwels onderbeklemtoon, tog kan Suid-Afrikaners, oud en jonk, vandag, 188 jaar na dié veldslag plaasgevind het, steeds baie leer oor die deursettingsvermoë, opofferings én wils­krag van die Voortrekkers en hoe dit die weg gebaan het vir toekomstige generasies in Suid-Afrika.

“Die Groot Trek is baie meer 'n godsdienstige trek as 'n veroweringstrek. Die Gelofte wat in 1838 op Bloedrivier afgelê is, beklemtoon dit ook,” vertel Van der Merwe.

“Op Vegkop is daar nie 'n Gelofte afgelê nie, alhoewel dieselfde gebede in dieselfde gees hier gebed is. Vegkop was in baie gevalle ook 'n groter wonderwerk as Bloedrivier, veral wanneer mens kyk na die hoeveelheid weerbare manne wat in die kamp was, asook die getalle aanvallers. Waar die verhouding op Bloedrivier ongeveer 1 teen 36 was, was Vegkop se verhouding ongeveer 1 teen 180. In kort, as Vegkop se slagveld verloor was, het Bloedrivier nie eers plaasgevind nie, en sou die Trekkers waarskynlik teruggetrek het Kaap toe.”

Van der Merwe, soos baie ander, meen dat Vegkop vandag steeds 'n ware getuigskrif is van die krag van geloof.

“Om te sien hoe naby die Trekkers aan God geleef het, en te ervaar wat in hulle harte moes aangaan. As die jongmens van vandag op Vegkop staan en sy gedagtes laat gaan en homself indink aan die slagting, die gillende aanvallers hoor skree, die angs en vrees kon sien in almal se oë, die gebede kon hoor, dan weet jy – ons dien 'n lewende God.”

Wanneer jy vandag besoek aflê op die Vegkop-terrein, word jy gegroet deur 'n wye vlakte, netjies gesnyde gras, aan die linkerkant 'n reeks grafstene, aan die regterkant 'n museum en gedenkstone, en voor jou 'n reuse klipstapel waar daar meer as 100 jaar gelede 'n laer gestaan het, met Trekkergesinne wat hul lewens moes verdedig teen Mzilikazi se manskappe. Tog is die verhaal veel groter as die veldslag; dit vertel van die kan-kultuur van die Afrikaner, sedert die 1800's tot vandag.

Die Voortrekkers van ouds kan op baie maniere beskryf word, maar vir Van der Merwe, en die Vegkop-span staan drie dinge uit: “Om die Voortrekkers in 'n paar woorde te probeer beskryf, is onregverdig, want daar is min wat mens kan uitlos, maar as drie eienskappe uitstaan, veral hier by

Vegkop, moet mens sê die Trekkers was trotse, passievolle bewaarders van hul erfenis en hul vryheid.

Daarom, vertel Van der Merwe, wil hy oud en jonk aanmoedig om Vegkop én ander historiese bakens regoor die land te besoek.

“Deur 'n museum of monument te besoek, maak dit die trots in ons wakker, die trots om te sien waar ons voorouers vandaan gekom het, en wat vermag is. Die trots om te kan assosieer deur te weet ek is nageslag van hierdie persoon of monument. Ek is eintlik ook deel daarvan, dit is ook myne. Daarom is dit belangrik om te help om hierdie kosbare erfenis in stand te hou. In stand te hou vir ons kinders se kinders wat wag. Besoek gerus Vegkop, dit is baie beter om self hier te wees en die geskiedenis in te neem, na te luister en te sien.”

DIE GESKIEDENIS VAN DIE SLAG VAN VEGKOP, SOOS VERTEL DEUR CORNÉ VAN DER MERWE:

Om die gebeure by Vegkop in kort te verduidelik, moet mens verder teruggaan as Oktober 1836. Met die Mfecane-uitwissings wat landswyd plaasgevind het, en waarvoor Mzilikazi ook grootliks verantwoordelik was, het hy (Mzilikazi) basies beheer oor die gebied noord van die Vaalrivier geneem.

Hy wou ook alle Trekkers hier uithou en het toe oorgegaan in aanvalle op trekgroepe weerskante van die Vaalrivier waar die doel algehele uitwissing was. Die Potgieter-trek groep en ander gesinne het besluit om terug te trek na Thaba Nchu waar die Barolongs wat hulle baie goedgesind was, gebly het. Hier kon hulle weer voorraad aanvul, hergroepeer en verder beplan. Toe hulle volgens hul gedagtes ver genoeg van die Vaalrivier af was, het hulle laer getrek by Vegkop (toe Doornkop) om te rus. Daar was 51 waens, 160 manne, vrouens en kinders. Daar was slegs 33 weerbare manne en 7 seuns (waarvan oudpresident Paul Kruger een was as 11-jarige seun) wat die wapen kon gebruik. As deel van hierdie trek was daar 5 000 stuks beeste en ongeveer 50 000 skape, asook ongeveer 100 perde.

Potgieter het die laer met 47 waens laat trek waar die disselboom onder die voorste wa se agteras ingedruk en vasgeketting was, met takke wat die openinge versper het. Die ander vier waens het hy in die middel van die laer 'n kleiner laer getrek, en bo-op met planke en velle toegemaak. Hier sou die oumense en kinders skuil.

Die Matabeles was egter onder opdrag en het al stormend nader getrek. Ongeveer 6000 Matabele-krygers het die trek groep agtervolg en teen die aand by 'n koppie aangekom, ongeveer 9 km vanaf die laer. Vroeg die volgende oggend het die 33 manne te perd uitgery na die Matabeles om te gaan onderhandel. Toe die witlag van vrede deur die Trekkers in die lug gehou word, was dit meer van 'n aanvalsbevel vir die krygers. Die Trekkers moes vlug vir hul lewe en het al vluggend agteruit geskiet. Toe hulle steeds vluggend die laer bereik, het drie manne verby die laer gejaag. Hul gesinne was nog in die laer. Hulle het eers drie dae later teruggekom om hul uitgehongerde families te vind.

Die Matabeles het die laer omsingel, en eers gesit om te rus. Hier het hulle van die diere van die Trekkers “lewendig verslind”. Hulle het die bloed gedrink en die rou vleis

verorber. Dit het die Trekkers geleentheid gebied om deur hul geestelike leier, Charl (Sarel) Cilliers, tot God te bid en Sy ontferming oor hulle afgepleit. Daarna het die aanval begin. Dit het ongeveer 'n uur geduur, waar die krygers net nie die laer kon binnedring nie. Toe het hulle onttrek en al die diere van die Trekkers saamgeneem. Die Trekkers het hulle te perd agternagesit, maar kon nie die vee terugkry nie.

Hulle het nou geen slagvee of melkkoeie gehad om melk vir die klomp babas in die laer te gee nie. Hulle kon die waens darem paar meter wegskuif met die perde om uit die stank van ontbinde lyke weg te kom. Potgieter het 'n paar manne gestuur om hulp te gaan vra. Hulle het 14 dae later eers opgedaag met hulp van Maroka.

Binne die laer word 1137 assegaai opgetel. As mens die grootte van die laer in ag neem, asook die hoeveelheid mense in die laer, moes daar as elke mens in die laer stil staan, 'n assegaai voor hom, weerskante langs hom en agter hom in die grond gepen het, so naby aan hom dat elkeen aan hom moes raak. Dit opsigself is 'n wonderwerk dat daar nie meer mense dood is nie. Daar is slegs twee mans gedood en 14 het ligte beserings opgedoen.

Die hele gebeurtenis kan nie anders as om te getuig dat dit 'n wonderwerk was nie, en dat net God hierdie wonderwerk kon laat gebeur het, sodat Sy volk gespaar kon bly, sodat Sy Naam verheerlik kan word.

Daar word elke jaar op Vegkop 'n Geloftediens op 16 Desember gehou, waar die saal vol mense sit. Daar is 'n museum op Vegkop waar die Groot Trek asook Anglo-Boereoorlog uitgebeeld word. Die terrein is in 1984 deur die Erfenisstigting opgradeer, waar die reusmonument deur Coert Steynberg, 'n groot saal, ablusiegeriewe, konferensiekamer en woonstel gebou is.

Sedertdien is die terrein oorgedra aan 'n NPO met direkteure uit die gemeenskap. Die direksie is verantwoordelik om die terrein te onderhou en versorg en moet self fondse daarvoor genereer. Dit word gedoen deur 'n kampeerterrein met eie nuwe ablusie; ook troues en ander funksies soos Voortrekkerkampe word aangebied. Daar is ook verlede jaar tydens die Geloftefeis 'n tweede klein museum op Vegkop geopen. Die tema van hierdie uitstalling is “Vegkop – Pad van genade”. 

FC Pelser



Vegkopmonument, Heilbron.

NUWE MUSIEK

Met die jaarwending het 'n paar nuwe Afrikaanse liedjies die lig gesien; sommige van hulle is reeds treffers terwyl ander heel moontlik vroeg in die nuwe jaar die treffersparades sal haal. Hier is tien van die nuwe snitte wat die afgelope maand of wat uitgereik is.

"Neem my op vlerke (Sensasie-remix)" – Anneli van Rooyen



Dis feitlik onmoontlik om te glo dat Anneli van Rooyen se treffer "Neem my op vlerke" veertig jaar oud is. Dit het oorspronklik op die album Ek wil jou ken voorgekom en een van haar heel grootste treffers geword. Nou is daar op twee maniere

nuwe lewe in hierdie treffer geblaas; een waarop sy steeds as kunstenaar gehoor kan word en een waarop 'n heeltemal nuwe liedjie rondom die refrein geskep is. Daar het tot dusver nie veel dansweergawes van bekende Afrikaanse treffers verskyn nie; daarom is die "Sensasie-remix" van hierdie liedjie iets heeltemal nuuts. Dit is daarop gemik om die liedjie aan 'n nuwe gehoor bekend te stel en te oordeel aan die toetrede daarvan tot verskeie trefferslyste lyk dit asof dit 'n sukses gaan wees. Wie weet, dalk is dit die begin van 'n nuwe neiging in Afrikaanse musiek.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Vlerke" – Eloff



Eloff was een van 2023 se suksesvolste nuwe kunstenaars en liedjies soos "Johnnie Blou", "Witblits" en "Koue kole" het hulle vir die grootste gedeelte van die jaar op trefferslyste landwyd tuis gemaak. Hy het, met

Anneli van Rooyen se toestemming, die refrein van "Neem my op vlerke" vir 'n splinternuwe liedjie gebruik, en tot dusver lyk dit asof dit een van die grootste treffers van die eerste deel van die jaar sal wees.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Oorwinningslied" – Cordelia



Hoewel Cordelia hoofsaaklik bekend is vir kommersiële Afrikaanse musiek, was dit net 'n kwessie van tyd voordat sy 'n kontemporêre Christelike liedjie sou opneem. Haar eerste Christelike opname is van Piet Smit se bekende

"Oorwinningslied", wat dertig jaar gelede vir die eerste keer uitgereik is en een van die heel grootste Christelike treffers van die laaste tyd geword het. Sy het die lied haar eie gemaak, en dit behoort haar loopbaan in 'n nuwe rigting te stuur. Miskien sal sy voortaan meer gereeld Christelike musiek opneem.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Dis raak" – Bok van Blerk



In 2006 het die Afrikaanse musiekbedryf vir die eerste keer kennis geneem van Louis Andreas Pepler, beter bekend as Bok van Blerk, se grensverskuivende

treffer "De la Rey". Nou het hy dit opgevolg met "Dis raak", na aanleiding van die laaste woorde wat genl. Koos de la Rey gesê het toe hy op 15 September 1914 geskiet is en later aan sy wonde beswyk het. Hy het die liedjie saam met Appel geskryf, met Ricus Nel wat die konsertina bespeel. Hierdie liedjie gaan 'n groot treffer word, veral onder Bok se teikengehoor.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Kalahari Ferrari" – Ricus Nel

Ricus het self met 'n nuwe liedjie met trefferpotensiaal vorendag gekom; 'n Kalahari Ferrari is niks anders as 'n vierwielangedrewe voertuig nie, en dis 'n gewilde voertuig onder Ricus se teikengehoor. Die spitsvondige lirieke sal maak dat dit 'n groot treffer



word en veral motorliefhebbers sal gaande wees daaroor. Ricus het selfs van die lirieke van Leon Schuster se trefferliedjie "Briekdans" geleen; dis goed dat Ricus die jonger geslag aan hierdie skreeusnaakse liedjie herinner.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Somer in my keel"

– Werner van der Hoven en Die Heuwels Fantasties



Hier is een van die lekkerste liedjies wat die afgelope tyd vrygestel is. Die Heuwels Fantasties het weer met 'n wenner vorendag gekom, terwyl Werner, wie se debuut-enkelsnit "Wynland" verlede jaar vrygestel is, gewys het dat hy een van die mees belowende nuwe kunstenaars op die musiektooneel is.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Boerepop"

– Martin Bester



Die meeste mense ken Martin as 'n radio-omroeper wat weeksoggende op Jacaranda 94,2 FM gehoor kan word, maar hy is natuurlik ook 'n sanger met 'n aantal treffer op sy kerfstok. Met sy nuwe treffer het hy vorendag gekom met

'n liedjie wat mense sal laat saamsing en die dansvloere gou vol sal kry. Die musiekvideo is voor 'n gehoor opgeneem; dit is heel gepas omdat die liedjie groot aftrek by lewendige optredes sal kry.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Saaragaand"

– Arno Jordaen en Louis van Lill

Arno was lank stil, maar hy is terug met 'n lekker trefferliedjie wat hy saam met Louis van Lill, wat die




liedjie geskryf het, sing. Louis het Saterdagand sommer na Saaragaand verkort, maar vir die teikengehoor sal dit mos nie saakmaak nie. Hierdie een hoort op die speellys vir 'n lekker kuier.

Luister gerus na die liedjie hier!

"Nuwe liefde"

– Nadine Blom



Nadine Blom is glad nie 'n nuweling in die musiekbedryf nie; sy het al 'n paar albums opgeneem en veral haar treffer "Hoor jy my stem in die nag?", het bewys dat sy een van die mees onderskatte sangeresse op die toneel is. Sy het 'n baie goeie sopraanstem

wat ewe geskik vir pop- en klassieke musiek is. Sy is terug met haar eerste enkelsnit in baie jare, en die musiekvideo vertel die verhaal van 'n jong vrou wie se vriendinne haar ompraat om haar bril te verwyder, haar bolla los te maak en haar skoonheid aan die wêreld ten toon te stel ten einde die liefde van haar lewe te vind. Welkom terug, Nadine!

Luister gerus na die liedjie hier!

"Hulle weet nie wat ons weet nie"

– Kurt Darren




Kurt Darren is een van die mees produktiewe kunstenaars op die Afrikaanse musiektooneel en met "Hulle weet nie wat ons weet nie" het hy weer vorendag gekom met 'n liedjie wat groot byval by sy teikenmark sal vind. Die titel is blykbaar afgelei van 'n

gesegde van die bekende gevegskunstenaar Dricus du Plessis. Dit sal daarom seker een van die sêgoed wees wat vanjaar die meeste gehoor sal word. Kurt se plek bo-aan die meeste trefferlyste landwyd is verseker.

Luister gerus na die liedjie hier! f

Daantjie Badenhorst



90 JAAR van die Afrikaanse Bybel in 2023 gevier

“Welkom dierbaar Woord van God, Lig in al ons lewenslot ...” lui die woorde van die Feeslied waarin die wonder van die Woord in Afrikaans gevier word.

Op 27 Augustus 2023 het duisende mense in die Voortrekkermonument (VTM) se Senotaafsaal byeengekom om saam met die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n dankdiens te hou vir die 90ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans.

Volgens ds. Cassie Aucamp, voormalige VTM-direksielid en verteenwoordiger van die Bybelgenootskap, was dit 'n wonderlike voorreg om 90 jaar van die Afrikaanse Bybel te kon vier.

“Natuurlik is 100 jaar 'n meer prominente mylpaal, tog is die mooi van 90 dat dit vandag omtrent die jare van 'n mens se leeftyd is,” sê hy.

Tydens die 90-jaar-vieringe het die Bybelgenootskap ook Bybels aan verskeie skole oorhandig om die spreekwoordelike fakkel van geloof aan 'n volgende geslag te oorhandig.

“Dit was spesiaal dat agt mense wat saam met die Afrikaanse Bybel in 1933 gebore is, ons eregaste kon wees en Bybels aan 'n volgende geslag kon oorhandig,” verduidelik Aucamp.

“Mense kom en gaan, maar die Woord bly ewig. Ons Afrikaanse Bybel is 90 jaar oud, soos hulle wat dit aan die skole oorhandig het. Hulle en ons lewe gaan verby, maar die Bybel oorleef elke menslike geslag. Die oorhandiging aan die jeug, spesifiek deur hulle wie se lewensskof byna voltooi is, is 'n getuigenis en verkondiging daarvan.”

Vir Aucamp is dit besonder spesiaal om 'n Bybel in Afrikaans te hê omdat hy, nêrens Totius, glo dat daar 'n intieme verhouding tussen die Woord, God en die mens moet wees, 'n verhouding wat jy net in jou moedertaal kan bou.

“Wanneer mens besin oor die belangrikheid van 'n Bybel in eie taal sal die antwoord dalk vir almal verskil, tog voel ek hiër is dit belangrik om vir dr. JD du Toit (Totius), eindvertaler van die 1933-Afrikaanse Bybel, aan die woord te stel: 'Alleen wat vir ons volkome duidelik is, wat met ons heeltemal siels-een is, ons kan toespreek sonder hindernis of tussenkomende beletsel. Tussen die Woord van God en die siel moet daar 'n intimiteit bestaan wat alleen verkry kan word deur die toespraak en inspraak van die lewende moedertaal.’”

DIE BYBEL IN AFRIKAANS 1933 – 2023 90

In 1872 skryf Arnoldus Pannevis 'n brief wat aanvoer dat die Nederlandse Bybel nie meer verstaanbaar is vir die Afrikaner nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) word gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal beskikbaar te stel. Op 29 Mei 1933 land die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan wal. Dié Bybels word op 1 Junie by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak en op 27 Augustus word die nuwe Afrikaanse Bybel amptelik in Afrikaanse kerke in gebruik geneem.

In 1941 word die nuwe groot hoofstuk van die Bybelgeskiedenis geskryf met die verskyning van die eerste Braillebybel in Afrikaans. 'n Hersiene vertaling van die Bybel word in 1953 bekendgestel en 30 jaar later sien die nuwe (1983-) vertaling van die Afrikaanse Bybel die lig. Tydens die eeufeesvieringe van die Bybelgenootskap word daar besluit om 'n moderne vertaling van die Bybel uit te gee en word die 2020-vertaling in Bloemfontein bekendgestel.

Vandag is die Bybel beskikbaar in al 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale.

Tydens die 90-jaar-viering het verskeie sprekers soos dr. Danie Langner (FAK en VTM), ds. Dirk Gevers (Wêreldbond van Bybelgenootskappe), dr. Masenyani Baloyi (hoof van vertaling by die Bybelgenootskap van SA) en dr. Theuns Eloff (Trust vir Afrikaanse onderwys) verskeie gesprekke gevoer oor die ontstaan van die Bybel in Afrikaans, die bydrae van die Bybel tot Afrikaans as taal en die rol van Britse en Buitelandse Bybelgenootskappe op die vertaling van die Bybel. Baloyi het 'n interessante blik gegee op die Afrikaanse Bybelvertaling in verhouding met ander vertalings terwyl Eloff op sy beurt die gehoor toegesprek het oor die pad vorentoe en die 100ste herdenking van Afrikaans.

Die FAK het ook 'n nuwe beeld, Die Saaier, deur Jacques Müller bekendgestel wat aan die Bybelgenootskap geskenk is. Dié beeld is deur Mila van den Berg, agter-agterkleinkind van dr. HCM Fourie in ontvangs geneem.

Die Bybel en veral Jesus self gebruik dikwels die saaiër as beeld van die uitstrooi van die saad van die Woord in gelykenisse soos dié van die saaiër, die selfgroeïende saad, die saad tussen die onkruid. Die Woord self word met saad vergelyk, omdat lewe daaruit spruit. Daarom is die Bybelgenootskap se beeld van die saaiër, met uitgestrekte arm wat die saad uitstrooi.

“In hierdie olienhout-beeld van Müller is 'n saaiër uitgebeitel wat werklik met inspanning die hand in die saadsak het. Saaiwerk is nie maklik nie. Selfs om die Woord te saai, is nie altyd maklik nie, en Bybelvertaling in die besonder is harde, inspannende werk wat jare duur,” verduidelik Aucamp verder.

“Psalm 126 beeld ook hierdie 'harde werk-aspek' van saaiwerk uit: 'Al wenend saai hy oor die akker'. Maar dan ook die wonderlike resultaat: 'Maar vrolik word sy saaigraan wakker. En eind'lik dra sy nyw're hand die volle gerwe van die land'. Die wonderlike is die oes, en daarvoor sorg die Here.” [f](#)


FC Pelser



Die 90-jaar-dankdiens in die Haldesaal van die Voortrekkermonument.



Die hooftelers van verskeie skole ontvang die nuwe Afrikaanse Bybel by die 90-jaar-dankdiens.



Die Saaier-beeld



Laurika POSTMA

Laurika in haar Bloemfonteinse ateljee (Foto: Laurika Postma, 'n biografie deur Naka Pillman)

“Met die aanraak van die klei kon sy haar blik na binne keer, haar hele wese volkome oorgee aan die skeppingsdrang wat vir die eerste keer in haar lewe 'n totale tevredenheid in haar gemoed laat posvat het.”

Naka Pillman se biografiese beskrywing van Laurika Postma se eerste kennismaking met ware beeldhoukuns is tekenend van die passie en toewyding wat die eertydse pastoriëdogter se latere kunsloopbaan sou kenmerk.

Laurika Postma (17 April 1903 - 26 Maart 1987) is een van ons bekendste beeldhouers. Haar naam is sinoniem met die Voortrekkermonument. In Oktober 1940 het die Sentrale Volksmonumentekomitee vir haar, Hennie Potgieter, Peter Kirchhoff en Frikkie Kruger aangestel om as beeldhouers vir

die beoogde fries in die monument se Heldesaal op te tree. Hoewel dit steeds as een van die hoogtepunte van haar loopbaan beskou word, het Laurika ook ander kunswerke van hoogstaande gehalte nagelaat.

Laurika was die vierde van tien kinders, en het 'n besonderse band met haar pa, ds. Willem Postma, gehad. Hy was as taalstryder ook bekend as dr. O'Kulis, wat op satiriese wyse in gereelde rubrieke as “oogdokter” Afrikaners se oë oopgemaak het vir die waarde en betekenis van hulle taal. As kind het Laurika goed klavier gespeel en ook kunslesse bygewoon. Een van haar mooiste herinneringe van haar pa is dat hy by geleentheid vir haar modelleerklei gebring het, en sy entoesiastiese reaksie op haar daaropvolgende handewerk haar laat voel dat sy nie meer alleen gestaan het in haar liefde vir kuns en die beoefening daarvan nie.

In 1920 is Laurika se pa tydens haar matriekjaar skielik aan 'n hartkwaal oorlede. Afgesien van skok en hartseer, het die gesin ook finansiële probleme in die gesig gestaar. Na 'n

kerkraadvergunning kon hulle nog vir 'n jaar in die pastorie aanbly, en Laurika het as tikster by die Grey Universiteitskollege gaan werk. Haar ouer suster Sophie het haar as onderwyseres bekwaam, en daarna ook geldelike bystand verleen. Daar was deurlopend 'n baie noue band tussen die twee susters. Nie een van die twee het in die huwelik getree nie.

In 1935 het Laurika op 32-jarige ouderdom 'n jaar onbetaalde verlof geneem om in Duitsland kunsonderrig te ontvang. In Berlyn is sy aan die bekende Duitse beeldhouer Milly Steger voorgestel, wat Laurika as leerling aangeneem en haar laat besef het dat sy in die eerste plek beeldhouer was, nie kunsskilder nie.

Laurika was in haar element, en het onder haar leermeester se leiding as kunstenaar en mens ontluik. Met haar lewenslus en spontane geaardheid het sy baie vriende gemaak, en terselfdertyd haar verlustig in die kunsskatte wat in vele museums te sien was.

Tyd vir pret was daar ook: in 'n brief aan 'n jonger suster vertel sy hoe sy die sosiale sy van haar verblyf geniet, en die attenties van 'n aantreklike Vlaamse professor moes hanteer!

Na haar terugkeer het Laurika in Bloemfontein vir die eerste keer betalende kunsopdragte ontvang. Dit het almal 'n Vrystaatse kleur gehad, en het borsbeelde van haar pa, ds. Kestell en presidente Steyn en Hoffman behels. Toe Oranje-Meisieskool haar vra om 'n lewensgrootte beeld van 'n Voortrekkerdogter te maak, het Laurika besluit om na Duitsland terug te keer en die werk daar te voltooi en te laat giet. Sy het haar pensioengeld getrek en na München vertrek, waar sy in haar Duitse vriendekring soos 'n ou bekende ontvang is. Sy het haar toelatingseksamen tot die Akademie der Bildenen Künsten met lof geslaag. Soos met die eerste besoek was Laurika se kunstenaarsintuïe ontvanklik vir alles om haar, en het sy saam met medestudente 'n studiereis na Italië onderneem. Oorlogswolke het begin saampak, en voordat sy haar Voortrekkerdogter-beeld kon voltooi, moes sy na Suid-Afrika terugkeer. Haar professor het belowe om die kleibeeld nat te hou, omdat die oorlog nie te lank sou duur nie!


In haar ateljee in Bloemfontein het Laurika die Voortrekkernooientjie herskep, maar toe blyk dit dat Renzo Vignali van Pretoria-Noord wat die gietwerk moes doen, weens sy Italiaanse herkoms in 'n interneringskamp aangehou word. Gelukkig het die kunste tog een maal oor politieke vooroordeel geseëvier, want omdat niemand anders die werk kon doen nie, is mnr. Vignali vrygelaat om die gietproses waar te neem. Die beeld is in 1940 deur pres. MT Steyn se weduwee op die skoolterrein onthul, en dra die titel "Vooruit".

Hierna het die Voortrekkernomonument se fries gevolg. Laurika was verantwoordelik vir onder andere die paneel waar die vroue die mans moed inpraat. Laurika is die vrou tweede van links in die agterste ry, en haar suster Sophie die sittende vrou in die middel.



Een van Laurika Postma se panele in die VTM. Sy is tweede van links agter en haar suster Sophie regs onder.

Die Harmoniesaal (tans die Breytenbachteater) in Sunnyside, Pretoria, het as ateljee gedien vir 'n uiteindelijke artistieke wonderwerk: vier kunstenaars het in minder as vyf jaar byna 200 lewensgroot figure (elk 'n portret), asook vele kleiner voorwerpe, waens, diere en landskappe in 'n kronologiese geheel saamgesnoer. Die voltooide kleipanele is in gips gegiet en na Italië verskeep, waar plaaslike klippers dit by Florence in duursame Querceta-marmer gebeitel het. Laurika en medebeeldhouer Hennie Potgieter is daarheen gestuur om oor die kappery toesig te hou en dit aan die einde af te rond. Hulle is vergesel deur Irma Moerdijk en Hennie se vrou Bettie.



Die Harmoniesaal waar die vier beeldhouers aan die kleipaneel, Die Voortrekkers verlaat die Kaapkolonie, gewerk het.

Laurika het met haar gebruiklike lewenslus en waarnemingsvermoë die twee jaar in Italië baie geniet. Daar was soms vertraginge in die lewering van die marmer, en dan het sy en die geselskap ander lande en dele van Italië besoek. Na haar tuiskoms het sy vir twee jaar by haar suster Sophie op Standerton gewoon waar laasgenoemde skoolgehou het. In hierdie tydperk het sy 'n silindriese reliëfpaneel geskep vir 'n gedenksuil in die konsentrasiekampkerkhof op die dorp. Dit is naby die plaaslike laerskool geleë.

Hierbenewens het Laurika 'n veeltal kleiner werke geskep, waaronder beelde van volkspelers, Totius, OB-leier dr. Hans van Rensburg en genl. Koos de la Rey.

Na 'n verblyf op Stellenbosch en Wolmaransstad, het Laurika haar in Rissikstraat, Muckleneuk, gevestig. Haar werkspasie was klein en ongemaklik, maar met gebruikelike volharding het sy hier aan haar volgende groot opdrag gewerk: agt kindergeoriënteerde reliëfpaneel vir die NG kerk se Sondagskoolgebou in Bloemfontein. Dit sluit 'n treffende uitbeelding van Japie Greyling in.

Na haar aftrede in 1956 het Sophie 'n huis in Muckleneuk gekoop en vir haar beeldhouer-suster 'n gerieflike ateljee laat aanbou. Hier het haar laaste groot kunswerk gestalte gekry: die imposante Kruger-beeld in Krugersdorp. Met Jan FE Celliers se woorde "breed en bonkig van stuk" in gedagte, het sy Paul Kruger uitgebeeld soos toe hy in 1883 vir die eerste keer tot president verkies is: selfversekerd en fors van liggaamsbou, beklee met gesagsimbole van ampserp en pluiskiel en die Bybel as rigsnoer stewig onder die linkerarm.

Toe sy nie meer aan die fisiese eise van beeldhouwerk kon voldoen nie, het Laurika haar weer tot die skilderkuns gewend. Ten spyte van die gesondheidsprobleme wat sy van tyd tot tyd ervaar het, het Laurika Postma 'n hoë ouderdom bereik, en is sy in 1987 in die ouderdom van 85 jaar oorlede. Sy is in die Pretoria-Oos begraafplaas begrawe.

Hoewel Laurika Postma nooit kinders van haar eie gehad het nie, het sy deur haar kuns aan kinders (waaronder kinderhelde) gestalte gegee, en tallose jongelinge geïnspireer.

Haar briewe aan familie vanuit Duitsland en Italië getuig van verwondering oor die skoonheid van hierdie wêreld en haar bewondering vir kunstenaars wat dit kon uitbeeld. Haar beskrywings is so interessant en kleurrik dat sy netsowel as skrywer van reisverhale bekendheid sou kon verwerf het. As veelsydige kunstenaar het Laurika Postma nie alleen die

Bloukransmoorde, gewelddadige dood van Dingaan en 'n sterk, manlike Paul Kruger uitgebeeld nie, maar was sy ook die skepper van 'n pragtige, eg-vroulike marmerbeeld "Ontwaking", wat in 1951 in die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria se hoofgebou onthul is. Dit is van Carrara-marmer wat vooraf deur die kunstenaar en die skool se destydse hoof, mej. Steijn, uitgesoek is.



Ontwaking. (Foto: Laurika Postma, 'n biografie deur Naka Pillman)



Laurika in haar Muckleneuk ateljee waar sy die Krugersdorp Kruger-beeld gemaak het. (Foto: Laurika Postma, 'n biografie deur Naka Pillman)



Kruger-beeld op Krugersdorp. (Foto: Laurika Postma, 'n biografie deur Naka Pillman)

Laurika Postma is in 1975 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met 'n goue erepenning vereër – die instansie waarvan haar geliefde pa in 1908 'n stigterslid was. 'n Sirkel is voltooi.


Hoofbron: Laurika Postma, 'n biografie deur Naka Pillman (De Jager-HAUM, Pretoria, 1984). 

Marius Ackermann
Voorsitter van VTM Direksie

TYDLYN VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL



Arnoldus Pannevis



S.J. du Toit

1872-1929: In 1872 skryf Arnoldus Pannevis 'n brief wat aanvoer dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die Afrikaner verstaanbaar is nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners word gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal beskikbaar te stel.

1889: Die Bybel in Afrikaans – *Dri Proewe* vertaal deur S.J. du Toit, word onder beskerming van die Genootskap van Regte Afrikaners gepubliseer.

1893-1908: *Génesis* vertaal deur S.J. du Toit en sy medewerkers verskyn in 1893. Die volgende boeke verskyn ook: *Di Evangelie vollens Mattéus* (1895), *Di Openbaring van Jesus Christus* (1898), *Hooglied* (1905), *Di Psalme* (1907), *Handelinge en Markus* (1908).

1914-1916: Op 21 Augustus gee dr. B.B. Keet 'n lesing op Stellenbosch waarin hy sy vertaling van die Bybel bepleit. Op 16 Mei 1916 neem die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk 'n besluit dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word.

1922: *Die Vier Evangelieë en die Psalms* word gepubliseer. Dit word gesien as slegs 'n oorsetting van die Nederlandse Statebybel. Daar word besluit om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste te begin.

1929: *Die Vier Evangelies en die Psalms* verskyn. Hierdie eerste poging om uit Hebreeus, Aramees en Grieks te vertaal, is suksesvol.

1933: Op 29 Mei 1933 land die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan wal. Die Bybels word op 1 Junie by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak. Op 27 Augustus word die Bybel amptelik deur Afrikaanse kerke in gebruik geneem.

1941: Die volledige Braillebybel in Afrikaans word gepubliseer.

1953: In 1953, verskyn die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. Die hersiening was hoofsaaklik taalkundig van aard.

1968: Op 5 Julie 1968 tydens 'n seminaar vir vertalers van die Afrikaanse Bybel word 'n eenparige besluit geneem om die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin. Die Nasionale Raad van die BSA keur hierdie vertalingsversoek goed.

1970: Die eerste boeke van hierdie vertaling, insluitende Johannes, word gepubliseer.

1975: *Die Blye Boodskap*, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handelinge en Psalms sien die lig.

1979: Op 24 Augustus verskyn *Die Nuwe Testament en die Psalms*, 'n voorloper van die 1983-vertaling.

1983: Op 2 Desember word *Die Bybel: Nuwe vertaling* in Bybelhuis, Kaapstad, bekendgestel.

1997: Die Kerk versoek 'n Bybelvertaling vir Dowes. Op 3 Februarie 2008 ontvang die Afrikaanse Dowe gemeenskap die vertaling – slegs die tweede Bybel van sy soort in die wêreld.


2006: Na jare van navorsing versoek die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik 'n Bybelvertaling wat meer brontekstegeoriënteerd is.

2014: Die Nuwe Testament en Psalms van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* word by die Groote Kerk in Kaapstad bekendgestel.

2020: As deel van die Bybelgenootskap se tweede eeufeesvieringe in 2020 word *Die Bybel: 2020-vertaling* op 29 November by die Kopanong Auditorium in Bloemfontein bekendgestel. 



ONBESKRYFLIKE GENADE: "EK IS NIE MY VERLEDE NIE"



Titel *Onbeskryflike genade*
Outeur Stefaans Coetzee
Uitgewer Lux Verbi

As iemand aan Christus behoort, dan het God daardie persoon 'n nuwe mens gemaak. Die persoon se ou lewe is verby, ja, hy het 'n nuwe lewe gekry (2 Korintiërs 5:17).

Dit is die Bybelvers wat by my opkom soos ek Stefaans (née Stefan) se verhaal tot hernuwing lees. Hy vergelyk homself met Kain in die Bybel, maar ek sien hom eerder as 'n Paulus (née Saulus): iemand wat deur God se genade 'n tweede kans gegee is en nou sy lewe daaraan wei om ander mense die goeie nuus te vertel.

Stefaans Coetzee het in 1996 in Worcester 'n bom geplant wat baie mense se lewens gekos het. Daarvoor het hy tronkstraf uitgedien, maar dis nie wie hy is nie. Hy is "Stefaans Coetzee. Kind van God. Man en pa. Hy is nie sy verlede nie". Dit is sy storie.

Ek het Stefaans in 2022 by die ATKV Skryfskool in Potchefstroom ontmoet as 'n vriendelike, bekwame man wat lief is vir boeke en hom beywer om ander skrywers te help om hul skryfdrome te bewaarheid. 'n Mens voel dadelik gemaklik in sy

teenwoordigheid. Eers later sou ek uitvind van die donker verlede wat hy op sy skouers dra, 'n skaduwee wat hy desperaat probeer afgooi.

In *Onbeskryflike genade* stap 'n mens saam met Stefaans deur sy verlede en herinneringe. Die leser voel byna soos 'n spook – besig om alles te aanskou, maar kan niks doen nie. En jou hart bréék vir dit wat voor jou afspeel.

Sy verhaal begin op sesjarige ouderdom toe sy ma hom kafee toe stuur met 'n paar munte om vir hom lekkers te koop. Toe hy terugkom, is sy weg. Hy lei ons deur sy kinderjare van 'n alkoholistiese pa en weeshuise. Sy tienerjare waar hy begin het om verkeerde besluite te maak. Stefaans vertel dat sy enkele grootste verkeerde besluit nie net gebeur het nie, dit is vooraf gegaan deur jare se "verkeerd geprogrammeerde denke".

Verder kyk die leser toe hoe die bomme geplant word. Jy hoor die nuus van die mense wat dood is – asof alles nuwe nuus is. Jy stap saam met Stefaans deur die tronkselle en vrees saam met hom vir sy lewe.

Hierdie boek vertel nie net die geestelike reis van Stefaans se lewe nie, maar skets ook die komplekse politiese agtergrond en denkwyse van Suid-Afrika en hoe dit deurgetrek het na vandag. Hoe mense vandag steeds sekere denkpatrone volg en hoe gevaarlik dit kan wees.

Uiteindelik kom 'n mens uit by die onbeskryflike genade. Vergifnis, ook vir homself. Die boodskap in hierdie boek herinner 'n mens dat enige iemand deur God se genade gered kan word. 'n Nuwe mens kan word. Die ou Stefan is so ver van die nuwe Stefaans soos die Ooste van die Weste is. Stefaans bou nie 'n brug nie, hy is die brug – "omdat ek my nageslag lief het".

Onbeskryflike genade is die boek met seker die meeste karakterontwikkeling wat jy ooit sal lees. Die leser word gedwing om daardie dinge waaraan ons eerder nie wil dink nie, in die oog te staar en daarmee vrede te maak – nes Stefaans daarmee vrede moes maak.

Iemand het eenkeer gesê om jou storie te vertel bring genesing. Stefaans, ek hoop met die skryf van hierdie boek kon jy 'n groot deel van die skadu agter jou gooi, maar meer nog, ek hoop dat jou verhaal genesing bring vir dié wat met 'n soortgelyke donkerte saamleef. Mag God se genade vir jou genoeg wees. 

Anneke Langner



Stefaans Coetzee is vandag 'n bekwame resensient en skrywer en pa van drie kinders. Hy het ingestem om vir *Flink* 'n oorspronklike kortverhaal te skryf. Sit agteroor en geniet die woordkunswerk uit sy pen.

PAPPA SE GEDIGTE

“Moeksie, hoekom het jy nooit vir my gesê Pappa dig nie?”

Moeksie – haar geelrok lyk soos engelvlerke – trippel nader. Haar hoëhakskoene klink soos 'n poedel op 'n houtvloer. Sy loer oor haar dogter se skouer. Asem peperment.

“Ida, laat ek sien.”

“Ek sal dit more terugbring.” Ida sit dit in die skoendoos saam met Pappa se preek-Bybel en twaksakkie: “Maar nou wil ek eers sy stem hoor. En hom ruik.”

“Hy't nooit sy hart oopgemaak nie. Die Bosoorlog maak mans mos stil.” Stilte, dan: “Gaan jy bly vir beskuit?”

“Met warm melk en Cocco?”

Ida lê op die rusbank, staar na die sterre bokant haar woonstel. Sy kan nie D.J. Opperman van Jan Alleman onderskei nie, maar Pappa se gedigte klink soos Breyten. Slaap Moeksie al? Sy kyk op haar Samsung hoe laat is dit, sien sy het 14 miss calls en 122 WhatsApp-boodskappe. Soek Moeksie se naam, tik:

Pappa was besonders lief vir jou x

Hy het dit nooit gesê nie.

Sover klink alles wat hy skryf soos hooglied. Wag ek neem gou 'n foto van een gedig. x

Die Samsung lui, maar sy tel dit nie op nie. Kyk nie eens wie bel nie. Sit dit later op flight mode.

Hoekom sou Pappa sy gedigte van Moeksie weerhou?

Die koffie het al 'n velletjie gevorm toe sy kombuis toe loop om vir haar roomys in te skep. Sy maak seker die deure is gesluit en Taiga, haar kat, het kos.

Sy staan net op om toilet toe te gaan. Verder lees sy. Sy neem vir Moeksie nog 'n paar foto's, plaas drie daarvan op Instagram met die opskrif: Pappa se gedigte.

Binne 'n paar minute het sy meer as 400 likes – selfs meer as die wat sy 'n jaar gelede in haar bikini gekry het.

Iemand DM haar:

Was jou pa die digter HL?

HL? Wat de ...

Net voor sy blok druk, besoek sy die persoon se profiel, sien hy plaas net gedigte. Nie een, verklaar sy bio, is syne nie. Hy skep net die agtergrond.

Die persoon DM haar met 'n foto uit 'n digbundel. Dit is een van die gedigte wat sy op haar Instagram story geplaas het.

Pappa?

Sy raadpleeg Google en vind niks onder sy naam nie, ook nie sy voorletters nie. Sy ontdek wel dat HL die skuilnaam van 'n anonieme Suid-Afrikaanse digter is, wat gedurende die laat 80's vier digbundels publiseer het. Daar is geen foto van hom nie. Geen biografiese inligting nie. Net die name van sy vier digbundels.

Waarvoor sal HL staan? Hendri en ... Wat's sy troetelnaam vir Moeksie?

Sy kan net sy debuutbundel vanaf Takelot bestel. Vra die ander drie op verskeie Facebook-boekgroepe aan.

Die woonstel is grafstil.

Sy staan op en sit die televisie aan om stemme te hoor.

Haar selfoon pieng. Sy weet wie dit is: die persoon wat haar 'n Direct Message gestuur het.

Twee foto's van 'n man. In die een sit hy voor 'n tikmasjien, pyp in die mond. In die ander een staan hy in 'n swembroek, handdoek oor die skouer. Onder die swembroek-foto staan: IS DIT JOU PA?

Alles in haar wil “nee” tik. Waar kry hy die foto's? Haar vingers bewe soos sy tik.

Wa kry jy dit?

In my ma se bundel.

Wie's jou ma?

Loraine.

Hendri en Loraine! ... was Loraine sy meisie voor Moeksie?

Kan ek die bundel koop?

Hoeveel?

Het jy nog iets van Pappa?
Hoe ken jou ma hom?

Sy het vir hom gewerk.

Innie kerk?

...

Wat tik hy so lank. Of tik en delete hy? Wat delete hy? Moet sy nie liewers sy nommer kry en ... nee. Hy kan 'n reeksmoordenaar wees. Het sy die deure gesluit? Miskien is dit tyd dat sy diefwering laat opsit.

Sy gaan spioeneer weer op sy profiel, druk op die Facebook-skakel. Dit is dieselfde, net gedigte, niks anders nie.

Huis. Voor jou geboorte.

Ken jy my pa?

Sy skryf in al haar briewe van hom.

Kan ek dit sien?

Wil jy dit ook koop? Of die wat hulle vir mekaar geskryf het?

Miskien

Beurtkrag dompel die woonstel in duisternis.

Iets krap aan die venster. Ida gebruik die Skepper se naam ydel. Sit haar selfoon se flits aan, sluip na die geluid. Ruk die gordyne oop. Taiga. Wanneer het sy uitglip?

Sy maak die venster oop, krap die kat agter die ore terwyl sy inklum. "Wie gaan vir jou kos gee as ek 'n hartaanval kry?"

'n Verslaggewer wil dit koop.
Bied my baie aan. En royalties op die boek.

Boek?

Spam, sy moes dit geweet het. Hel, maar hulle is vinnig. Hoe het hy foto's van Pappa in die hande gekry? Dit is nie op haar Facebook nie. AL manipulasie?

Ja, omdat sy en die digter 'n verhouding gehad het terwyl sy in die dodeselle was.

Dodeselle?

Mamma het in '89 gehang vir die moord op haar man. Lukas Kleinbooi. Dit was in die nuus.

Nag. Ek gaan slaap.

Wag. Seblief.

Die groen sirkel op sy profielfoto wys hy is nog aanlyn.

Sy wag.

Die drie kolletjies beweeg. Dan:

Ek moet slaap.
Ek werk more.

Dis more Sondag.

Juis. Ek is 'n Pastoor.

Die donderweer bliksem.

Ida skop in haar skrik vir Taiga raak.

Ek het bekeer toe ek hul briewe gelees het. Die digter, jou pa, het haar deur al die briewe na die Here gelei. Daar is 66 briewe, een vir elke week wat sy aangehou was.

Tipies Pappa. Skielik mis sy sy twalkreuksoene.

Hoe oud was jy toe jou ma gehang het?

Voordat hy kan antwoord tik sy:

As jy nie daaroor wil praat nie, is dit OK.

Vyf.

Hy is so lank stil, sy dink hy het gaan slaap. Sy gaan borsel haar tande, piepie. Toe sy haar selfoon wil herlaai, sien sy die boodskap.

Ek het altyd gedink dit was hy, die digter, wat die moord gepleeg het.

Die selfoon val uit haar hande.

Die battery waarsku dat sy nog 1% batterykrag oor het. Asseblief, moenie nou doodgaan nie.

My ma het met elke oproep vir my gesweer dat sy onskuldig is. Nadat ek hulle briewe gelees het, het ek geweet dit is nie hy nie. Sy laaste brief eindig met die woorde: die skuldige gaan boet al is dit na ons dood.

Wat gaan die verslaggewer met die briewe doen? Ek sou dit graag wil lees.

Die selfoon se skerm word skielik pikswart. Dood.

Sy herkou aan hul gesprek, onthou Moeksie se woorde: Die Bosoorlog maak mans mos stil.

Maar Pappa was nooit op die Grens nie. Was sy hele lewe lank 'n kapelaan, toe dominee.

Is dit die dood op die vrou oor wie hy so dig wat hom stom gemaak het? Is dit hoekom hy nooit vir Moeksie kon sê hy is lief vir haar nie?

Dit is die polisie sirenes wat haar wakker maak. Hulle snel verby. Ida gryp haar selfoon, kyk. Geen verdere boodskap op Instagram nie.

Sy loop kombuis toe, kyk in die verbygang hoeveel eenhede krag is oor, skakel die geyser aan, druk 'n kaastoebroodjie in die mikrogolfoond. Trek die gordyne oop soos sy van vertrek beweeg. Pols op die bank neer, langs die stapel klere. Verdomp, hoekom het sy nie gister gestryk nie? As Moeksie dit moet sien, trek sy sowaar as vet vandag nog hier in.

Ida Google Lorraine Kleinbooi en lees alles oor haar saak en galgdood wat sy kan. Nêrens word iets genoem oor haar verhouding met die digter nie. Die

mees verdoemende bewys teen haar, was die staatspatoloog se getuieis dat die moord waarskynlik deur 'n vrou gepleeg is.

Ida ruk soos sy skrik toe die selfoon in haar hande lui. Moeksie.

“Hoe laat kan ek die digbundel kom haal?”

“Het Pappa nooit oor sy gedigte gepraat nie? Op skool?”

Moeksie sug. “Op skool het al wat Afrikaanse onderwyser is, gedink hy is die volgende groot digter.” Stilte, dan: “Maar hy het net opgehou ... of so het ek gedink.”

“Wie's Lorraine?”

“Ida Hofmyer, waar kom jy aan daardie vroumens se naam?” Dit klink of Moeksie 'n doodsvonnis uitspreek.

Ida wag totdat die kerkklok ophou lui voor sy antwoord. “Haar seun het my ge-DM.”

“Haar seun? DM? Moet niks glo wat hy sê nie.” Die laaste sin word uitgeskreu.

“Moeksie?” Sag, onseker. “Jy. Pappa. Sy ...”

“Pappa het nie haar man doodgemaak nie! Ek het ...” Skaars hoorbaar: “Ek het ... sy het my man van my weggevat, toe vat ek haar man weg ... en vir haar uit my lewe,” Moeksie skree-huil: “Maar selfs in die dood het Pappa haar gekies.”

Ida druk die selfoon dood. Wat moet sy doen? Sy kan sekerlik nie haar ma by die polisie verklaar nie, maar stilbly kan sy nog minder. 'n Onskuldige vrou het gehang ...


Sy blaas haar asem stadig uit. Tik vir die Pastoor:

Ons moet praat.
Kan ons ontmoet?
Wat's jou naam?

Sy is besig om haar koffie te roer, toe sy boodskap deurkom. Stof dans in die sonstraal.

Ons kan. Waar bly jy? My naam is Hendri Hofmyer. My ma wou seker maak apartheid weet wie haar eerste liefde was.

Stefaans Coetzee



Die eerste linie van erfenisbewaring

Dit is geen geheim dat erfenis, veral Afrikanererfenis, in gedrang is nie. Dit blyk of plaaslike munisipaliteite 'n traak-my-nie-agtige houding het teenoor erfenisbewaring en versuim om basiese pligte soos tuindienste op erfenisterreine, begraaftplase en monumente na te kom.

Vanuit hierdie nood is die FAK-kultuurnetwerke gestig.

Dit is ons Bybelse plig om as rentmeesters van die aarde in te tree. Ons roeping hier op aarde is om te bewerk én te bewaar.

Die kultuurnetwerke is in 2020 gestig en het sedertdien gegroei tot 33 netwerke landwyd. Vrywilligers vanuit hul gemeenskappe stel hulself diensbaar om 'n verskil en 'n kryger in hul eie area te wees en te verseker dat erfenis in hul direkte omgewing behoue bly.

Ontmoet die kultuurkoördineerders:

Ons het aan al die kultuurkoördineerders die volgende vyf vrae gerig sodat ons hulle elkeen bietjie beter kan leer ken.

Som in twee sinne op wat jou taak as kultuurkoördineerder omvat.



Jaco: Ek is verantwoordelik vir die kultuurnetwerke in Natal, asook oorsigtelik verantwoordelik vir die KNW-aktiwiteite in die Vrystaat, dele van Noord-Wes, Oos-Kaap, Wes-Kaap en Noord-Kaap.



Charles: My taak is, in samewerking met die FAK-kultuurnetwerke, om ons taal, kultuur en geskiedenis in die Noordelike provinsies te beskerm, bewaar, bevorder en te behou. Dit gebeur alles deur gemeenskappe betrokke te maak by projekte. Dit skep trots onder hierdie mense en sorg dat ons erfenis behoue bly.



Jan-Danie: My taak as kultuurorganiseerder is om kultuurnetwerke te vestig in die sentrale streek, erfenisbewaring aan te moedig in gemeenskappe, en 'n kultuurtuiste te vestig op die FAK se kultuurplaas Udolpho.



Elizma: Om die kultuurgoed en erfenisbakens wat vir ons vandag kosbaar is, te bewaar en te beskerm vir ons nageslag. Om diegene wat ons vooruitgegaan het, te onthou en deur hulle stories en nalatenskap te huldig.



Juanine: My werk is om waardering, liefde en trots vir ons erfenis en kultuur onder gemeenskappe te kweek, deur ons Afrikanerstories oor te dra deur opvoeding, bewaringsaksies, projekte en ervarings. Om die FAK-voetspoor in die Kaap te vestig en gemeenskappe te mobiliseer om ons erfenisbakens te bewaar en in stand te hou.

Wat is, vir jou persoonlik, 'n groot passie in jou werk wat die grootste genot bring en wat jou opgewonde maak oor jou werk?

Jaco: Om die verhaal van die Groot Trek en die Afrikaner se geskiedenis vir mense lewend, tasbaar en toepaslik te maak.

Charles: Dit bring my die meeste genot om te weet mens het die mag om werklik 'n verskil te maak. Ek stap elke dag met 'n trotse bors by die werk in, reg vir die dag met die wete dat die FAK meer as net 'n sangbundel is.

Jan-Danie: Om mense te kan sien opgewonde raak oor ons Afrikaner-erfenis, om die geskiedenis sonder vernis te laat glans in mense se hart. Dit is 'n groot voorreg om deur die FAK ook my mense te kan dien.

Elizma: Geleenthede om met die nasate van Afrikaners, wat impak gemaak het op die gebied van taal, geskiedenis, erfenis of kultuur, kontak te maak, hul stories te hoor en saam met hulle die nalatenskap van so 'n persoon te huldig met 'n mooi funksie wat tot mense spreek.

Juanine: Om ons storie en erfenis met ander te kan deel deur ervarings.

As jy saam met enige persoon uit die Afrikaner-geskiedenis kan koffie drink, wie sal dit wees en hoekom?

Jaco: Dis moeilik om een uit te sonder. Daar is drie met wie ek graag sou wou koffie drink, Andries Pretorius, Paul Kruger en Christiaan de Wet.

Charles: Piet Retief. Die man wou so graag 'n toekoms vir sy mense en nageslagte skep dat hy alle waarskuwings van verskeie persone oor koning Dingaan se motiewe van die hand gewys het. Hy was 'n held en sal hom op 'n reis wil neem om te wys hy het nie verniet gesterf vir sy land nie.

Jan-Danie: Generaal De la Rey, om die “hoe” uit te vind van sy strategiese suksesse, ek is seker as mens, is sy nederigheid en diensbaarheid vir sy mense 'n aansteeklike eienskap wat elkeen by sal kan baat.

Elizma: Sonder twyfel Marie Koopmans-de Wet. Haar lewensverhaal boei my. 'n Sterk, dinamiese maar nederige vrou wat in haar leeftyd (1835-1906) impak gehad het op vele terreine, standpunt ingeneem het, hard gewerk het, nie teruggedeins het voor teenkating nie en gedoen het wat nodig is. Sy het die belangrikheid van erfenisbewaring, hetsy geboue, monumente of oudhede, begryp. Haar ingryping het byvoorbeeld die Kasteel in die 1800's teen skending en selfs sloping beskerm en haar woning met waardevolle skilderye en oudhede wat sy versamel het, is vandag die oudste huismuseum in die land. Ook was mense vir haar belangrik. Die behandeling van vroue en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog het haar teen die bors gestuit. Haar volgehoue aksies vir hierdie saak, reeds op 'n gevorderde ouderdom, het daartoe gelei dat sy onder huisarres geplaas is. Ook in ander sake soos die beskerming van taal, preservering van historiese dokumente, bevordering van musiek, natuurbewaring, bevordering van onderwys en noodleniging het sy leidende rolle gespeel. Ek dink sy sou vandag 'n baie suksesvolle kultuurorganiseerder wees by wie ek baie sou kon leer.

Juanine: Danie Theron. Hy was die stigter van die Theron Verkennerkorps wat per fiets aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het. Hy het die Britte goed laat les opsê, soveel so dat Lord Roberts hom as die “langste doring in die vlees van die Britse opmars” beskryf het. Ek sal by hom wou hoor hoe fietsroetes daai tyd beplan is, watter voorbereidings getref is en hoe gemaak is met teëspoed langs die pad. Ek sou wou weet of ek ook sou kwalifiseer om deel te wees van sy korps.

Wat is jou gunsteling- Afrikanerbaken/erfenisterrein/monument/gedenkteken en hoekom?

Jaco: Kerkenberg en Die Kaalvoetvrou. Buiten vir die ryk geskiedenis van die plek is dit ook seker een van die mooiste omgewings in ons land.

Charles: Die Voortrekkermonument. Dit is 'n baken van hoop, 'n storie wat jou regtig inspireer.

Jan-Danie: Kerkenberg se magtige krans. Dis hier waar ek weer kan glo dat die kranse antwoord gee. Dit is hier waar 'n groot gedeelte van die wording van 'n nasie begin het en waar ek rustig kan dink oor die sleg en ook die goed wat dit gebring het.

Elizma: Nasionale Vrouemonument. Dis nie moontlik om onaangeraak daar weg te stap nie. Dis 'n diep geestelike ervaring wat inspireer en moed gee. 'n Besoek daar bring nie net 'n besef van die lyding van mense nie, maar ook van hoe geestelik en emosioneel sterk mense is.

Juanine: Anglo-Boereoorlog-monument. Die buitelug-monument is aan die voet van die Paarlberg op die pragtige Laborie- wynlandgoed opgerig. Dis opgerig vir die Kaapse Afrikaners, wat uit die Kaapkolonie, onder Britse bewind, die Boererepublieke van Transvaal en Vrystaat aktief ondersteun en simpatiekgesind was. Hulle is met die skelwoord Kaapse Rebelle, gebrandmerk en aangekla van hoogverraad en gefusilleer deur die Britse soldate. Hier, in die natuur, tussen die rotse, beelde en muurpanele kan jy peins oor die swaarkry en manhaftigheid van ons voorouers, vir vryheid en reg waarvoor die Kaapse Afrikaners ook saam gestry het.

Watter erfenisterrein, dink jy, moet op elkeen se emmerlysie wees?

Jaco: Kerkenberg, Bloedrivier, Retief se graf.

Charles: Die Heldeakker-begraafplaas. Is jy lief vir geskiedenis? Verskeie van die Afrikaner historiese figure se rusplek is hier, dit is 'n ongelooflike gevoel van trots wat mens daar ervaar.

Jan-Danie: Ek dink nie net een nie; maar soos wat mens ry vir werk of vakansie stop by die terreine op jou pad, trek 'n paar bossies uit en herdenk jou voorgangers. Ons het vreeslik baie terreine, want ons is nie net een ding nie.

Elizma: Hugenotemonument en gedenkmuseum. 'n Wonderlike Franse ervaring, kompleet met 'n parfuummuseum.

Juanine: Kompanjijestuin in Kaapstad.

Kontakbesonderhede:

Jaco Cilliers

Hoof van kultuurnetwerke

jaco@kultuurtuiste.org.za | 071 893 6477

Charles Rademeyer

Kultuurkoördineerder in die Noordelike Streek

charles@kultuurtuiste.org.za | 072 222 9809

Jan-Danie Malan

Kultuurkoördineerder in die Sentrale Streek

jan-danie@kultuurtuiste.org.za | 082 965 7002

Elizma Smit

Kultuurkoördineerder in die Suidelike Streek

elizma@kultuurtuiste.org.za | 082 629 6415

Juanine Kok

Kultuurkoördineerder in die Suidelike Streek

juanine@kultuurtuiste.org.za | 068 154 2961

Watter tipe projekte doen die FAK-Kultuurnetwerke?

Die bestaande netwerke het al 'n wye verskeidenheid projekte aangepak.

Geskiedenisstoere, skoonmaakaksies, skyngevegte, lesings, kransleggings, nuwe monumente wat opgerig word (ja!), staptoere en alles tussenin is al in die verlede aangepak.

Die netwerke is dus nie net krygers vir beskerming nie, maar ook ontwikkeling, uitbreiding en bewusmaking van ons kosbare kultuurerfenis.

Sommige netwerke het al jaarlikse projekte, wat nou al byna 'n tradisie is.

Hier is voorbeelde van suksesvolle projekte van die verlede:

Toere:



Dankie Jan-staptoer in Kaapstad

- Die Vrede van Vereeniging-toer wat jaarliks op 31 Mei plaasvind, waar verskeie belangrike bakens in verband met die Vrede van Vereeniging besoek word.
- Die Jan van Riebeeck-staptoer deur Kaapstad gee insig en geskiedenis in Kaapstad.
- Krugersdorp bied ook jaarliks hul geskiedenisstoer aan waar meer van die dorp se geskiedenis geleer word.

Skoonmaakaksies:



Heldeakker-Samewerkingsinisiatief skoonmaakaksie

Ongelukkig is dit hier waar die meeste van die werk lê, want dit is waar die grootste versuim is.

Begraafplase, soos Voortrekkerbegraafplase en konsentrasiekampbegraafplase word hier skoongemaak. Soms is hierdie op privaat grond en dit bly ons as Afrikaners se verantwoordelikheid om dit te onderhou.

- Die Heldeakker-Samewerkingsinisiatief is in 2023 op die been gebring waar 18 instansies saamwerk om deurlopend die Heldeakker skoon te maak, te onderhou en te ontwikkel.

Konsentrasiekampe regoor die land word dikwels nie onderhou of skoongemaak nie. Vele van die jaarlikse kultuurnetwerkprojekte is om konsentrasiekampe netjies te hou.

Monumente en gedenktekens word ook dikwels skoongemaak en onderhou.

- Die Vredesmonument in Vereeniging word deur die FAK-Vaal-Kultuurnetwerk onderhou.
- Die Wêreldoorlogmonument in Springs is deur die gemeenskap skoongemaak, opgeknop en word tans deur die gemeenskap en kultuurnetwerk onderhou.

Skyngevegte:



Die Slag van Paardeberg-skyngeveg

Op die FAK se kultuurplaas, Udolpho Rivierplaas net buite Parys, word dikwels skyngevegte uitgevoer. Hierdie skyngevegte is 'n historiese oortelling van die geskiedenis.

Hoe raak ek betrokke by 'n kultuurnetwerk?

Dit is maklik om betrokke te raak by die kultuurnetwerk in jou area. Sien die lys van netwerke in hierdie artikel en maak gerus kontak met die kultuurkoördineerder in die streek om in te skakel.

Elke kultuurnetwerk bestaan uit 'n voorsitter en lede wat projekte dryf en uitvoer.

Jy is die eerste linie vir erfenisbewaring in jou gemeenskap en weet waar die nood groot is. Saam is ons sterker.



Die 33ste nasionale FAK-kultuurnetwerk in Ermelo.

Hoe gemaak as daar nie 'n netwerk in my area is nie?

As jy die behoefte het om 'n verskil te maak in jou gemeenskap, maar daar is nie 'n bestaande netwerk nie, dan kan jy die pionier in jou area wees wat die netwerk stig.

Dit beteken ook waarskynlik dat daar ander in die gemeenskap is wat dieselfde voel en saam met jou sal betrokke raak.

Kontak gerus vir Jaco Cilliers, hoof van die kultuurnetwerke in hierdie verband by jaco@kultuurtuiste.org.za

Lys van al die FAK-kultuurnetwerke:

Noordelike Streek

1. Pretoria Noord van die Berg
2. Moot
3. Oosrand
4. Wesrand
5. Centurion
6. Bronkhorstspuit
7. Rustenburg
8. Brits/Harties
9. Magaliesburg/Krugersdorp
10. Nylstroom
11. Middelburg
12. Ermelo
13. Lichtenburg

Kultuurnetwerke in die Sentrale Streek


1. Parys
2. Heilbron
3. Potchefstroom
4. Klerksdorp
5. Vaal

6. Bloemfontein
7. Jagersfontein
8. Winburg
9. Kroonstad
10. Bethlehem

Kultuurnetwerke in die Suidelike Streek

1. Noordelike Voorstede
2. Wellington
3. Paarl
4. Riviersonderend
5. Riversdal
6. Graaff-Reinet
7. Mosselbaai
8. Port Elizabeth
9. Uitenhage
10. Alexandria

Marné Pienaar



tuiste. trots. toekoms.

Beskerm en bevorder jōu
AFRIKANERERFENIS,
word deel van die verskil.



VOORTREKKERMONUMENT



FASILITEITE | FACILITIES

Bespreek jou volgende funksie, onthaal of ander spesiale geleentheid by een van ons 10 indrukwekkende fasiliteite by die Kultuurtuiste van die Afrikaner!

Of dit nou 'n troue in die klipkapel is, 'n dans in die Voortrekkersaal, 'n konferensie in die Transvaalkamer of 'n kombuistee in die FAK-Liedjietuin, die Voortrekkermonument kan jou droomfunksie 'n realiteit maak.

Vir verdere navrae, stuur gerus 'n e-pos na besprekings@kultuurtuiste.org.za